SUID-AFRIKAANSE

# panorama

Maart/April 1991
ISSN 0491-4783
R2,21 plus AVB



Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792

Redakteur:
HELENA GOOSEN

Assistent-redakteur:
LYNETTE VAN HOVEN



VOORBLAD:
Bloemfontein is bekend vir sy roseprag en bousierade – soos die geskiedkundige Tweetoringkerk. Artikel op bladsy 64
(foto: Gerard Turnley)

SUID-AFRIKAANSE
# panorama

JAARGANG 36 NOMMER 2 MAART/APRIL 1991

2
**Klein sake in die kol**
Kleiner ondernemings en die informele sektor is die lewensbloed van 'n kerngesonde ekonomie. Vroue gee vandag deeglik rekenskap van hulself in die kleinsakewêreld deur hul vindingrykheid en werkskeppende entrepreneurskap



16
**Die paddaprins**
Raai wie is ek? Tans nòg padda nòg vis, maar kyk gerus op bl 16 hoe pronk ek in my prinslike gewaad

20
**Kruieskat word bewaar**
'n Durbanse kwekery verskaf plante aan die kruiehandel en help so om skaars veldspesies te bewaar






Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792

26
**Die dambouers**
'n Reusedambouprojek op die Lesotho-hoogland gryp die verbeelding aan. Dié model van interstaatlike samewerking hou groot belofte in vir die bergkoninkryk en vir Suid-Afrika

38
**Varing-fantasie**
In 'n koel groen lowerryk gedy olifantsoor, hertehoring, wolfsklou en delikate vrouehaarvaring – almal lede van dié interessante plantgroep


54
**Fokus op natuurlewe**
Hoephoeps – Hein von Horsten se inskrywing vir die afgelope Agfa-fotokompetisie. Natuurlewefotograwe van oral het om pryse in die gesogte wedstryd meegeding

76
**Nuwe status vir Saasveld**
Saasveld se Bosbouskool, geleë aan die voet van die Outeniekwaberge in die verruklike George-omgewing, bied nou 'n wyer vakkeuse en spesialisopleiding vir voornemende bosboukundiges









10
**SA sopraan skitter**
Marita Napier het vir Suid-Afrika roem verwerf op internasionale operaverhoë

34
**Suider-Afrika in beeld**
'n Kleurbont mosaïekkaart weerspieël die substreek se mense- en kultuurverskeidenheid in ongelooflike detail

44
**Plattelandse weelde**
Sjarmante landelike herehuise kry groot aftrek by plaaslike en oorsese toeriste

58
**Skeppende simbiose**
Twee vrouekunstenaars se vreugdevolle en verrykende verwantskap

64
**Rosestad vier fees**
Bloemfontein se rose-oordaad kompleteer die stad se trotse geboue-erfenis

68
**Dorbyl – ingenieursreus**
Van windpompe vir die dorre Kalahari tot moderne voorstedelike treine kom uit dié nywerheidskolos se stal

81
**Skoolgaan in die veld**
Golden Gate – Dié poort ontsluit die wonderwêreld van die natuur

84
**Versamelaar met styl**
Die nageslag is dank verskuldig aan versamelaars soos Mervyn Emms, wat geskiedkundige voorwerpe van die afvalhoop van vergetelheid red

Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792



**Waar moontlik knap die KSOK ou geboue op wat nie meer gebruik word nie, soos die Ou Mark in Bloemfontein wat nou 'n tweede asem gekry het**

# Klein sake in die kol



Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792



Saam met talle veranderings in die Suid-Afrikaanse samelewing word daar ook 'n klimaat geskep wat gunstig is vir die aansporing van ondernemerstalent



**Edith Mapompo in haar winkel in Guguleto waar sy ook 'n haarkappersalon het**



Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792




Die KSOK is vandag die grootste ontwikkelaar van nywerheids- en sakepersele in Swart en ander ontwikkelende gebiede, soos die Kensington-nywerheidskorf in Port Elizabeth





Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792



**Jennifer Clifford voor haar geskenkwinkel in die Westgate-winkelsentrum, Roodepoort. Sy meen dat die KSOK-kursus haar veral met marknavorsing gehelp het**



**Die KSOK bied 'n spesiale finansieringspakket aan entrepreneurs wat vir die eerste keer 'n saak wil begin**

**Artikel: Daleen Zaaiman**
**Foto's: Kleinsake-ontwikkelingskorporasie; Ruby van Coller; Gerard Turnley**
**Uitleg: Peggy Serwas**

DIE informele sakesektor is die sleutel tot die oplossing vir die tekort aan werkgeleenthede in Suid-Afrika. Hiertoe kan die Kleinsake-ontwikkelingskorporasie (KSOK) as die grootste enkele ontwikkelaar van klein sake in die land 'n stewige bydrae lewer.

Uiteraard is tot 85 persent van alle ondernemings in die ekonomie klein sake (minder as 200 werknemers of bates van minder as R2 miljoen). Nogtans is klein sake se bydrae tot die jaarlikse bruto binnelandse produk (BBP) maar gering en wissel ramings tussen 25 en 35 persent.

Waarom dan die ophef oor klein sake? Die vernaamste rede is dat dié sektor so 'n goeie skepper van werkgeleenthede is. Volgens die KSOK se jaarverslag vir 1990 word sowat 75 persent van nuwe werkgeleenthede in die land deur die kleinsakesektor gegenereer teen 'n fraksie van die koste wat groot sakeondernemings daaraan bestee. Dr Ben Vosloo, besturende direkteur van die KSOK, waarsku egter dat min sukses behaal sal word terwyl klein sake voorgehou word as die oplossing vir die probleme van een bepaalde rassegroep in die gemeenskap. As sulke geleenthede egter ongeag rassekonnotasie aan individue voorgehou word as 'n metode tot materiële welvaart, sal sukses nie uitbly nie.

In die lig hiervan was die belangrikste oogmerk van die kleinsakeweek wat van 1 tot 7 Oktober 1990 aangebied is, die uitbou van die kultuur van ondernemerskap in Suid-Afrika. Die vernaamste aspek wat dié kleinsakeweek van die vorige twee onderskei, is die amptelike steun wat dit gekry het. 'n Verklaring wat op 28 September 1990 deur die kantoor van die Staatspresident uitgereik is, lui soos volg: 'Kleinsake-ondernemings vorm die kern van die vryemarkstelsel in Suid-Afrika. Die kreatiwiteit en harde werk van elke man


Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792

en vrou wat 'n kleinsake-onderneming besit en bestuur, illustreer duidelik dat private inisiatief en vryemarkbeginsels die sleutel tot sukses vir individue en nasies is.'

*'Ek glo die nuwe Suid-Afrika moet 'n maatskaplik gerigte markekonomie hê, wat ondernemerskap aanmoedig, terwyl dit nie-diskriminerende geleenthede aan al sy mense bied vir onderwys, vaardighede en maatskaplike dienste' – dr Ben Vosloo, besturende direkteur: KSOK*

Suid-Afrika word gekonfronteer met 'n besonder hoë bevolkingsaanwas. Weens ekonomiese en demografiese faktore moet baie van hierdie nuwelinge noodgedwonge hul toevlug tot die informele sektor neem en vir hulself werk skep. Die informele sektor het dus die taak om miljoene mense se maatskaplike en ekonomiese lot te verbeter. In die komende jare sal die kleinsakesektor 'n deurslaggewende rol speel in die ekonomiese groei van die land. Waar die handel en nywerheid tot 15 jaar gelede werk verskaf het aan 75 persent van alle matrikulante, het hierdie syfer nou tot 15 persent gedaal.

Verlede jaar se kleinsakeweek het op 1 Oktober met groot jolyt in Johannesburg afgeskop. Dit is geopen deur mnr Kent Durr, destyds Minister van Handel en Nywerheid en Toerisme. Hy beklemtoon die volgende: 'Die vryemarkbeginsel is inbegrepe in die grondwet van die Republiek. Die regering het hom verbind tot steun aan die vryemarketiek, aangesien die belangrike rol daarvan in 'n vrye samelewing wêreldwyd erken word.' 'n Snuffelmark, 'n reklamewedstryd van Radio 702, 'n kitskoswedstryd en 'n trompoppie-optog was deel van die program. Die res van die week was volgepak met uitstallings, simposiums, werkskole, seminare, skoue, entrepreneursmarkte en modevertonings.

Kleinsakeweek het 'n nasionale instelling geword wat talle belanghebbendes op die kleinsaketoneel in Suid-Afrika betrek. Verlede jaar het meer as 50 organisasies oor die land heen deelgeneem. Hoewel die kleinsakeweek op 'n nasionale grondslag gekoördineer is, is dit deur ses streekkomitees aangebied om optimale ondersteuning en deelname te verseker. 'n Groot trekpleister was die tweedaagse seminaar met die tema 'Klein sake in die jare negentig' wat by Sun City in Bophuthatswana



**Snuffelmarkte het oor die afgelope jare**



**Onderkontraktering vir die skoenbedryf by die Phoenix-nywerheidskorf in Durban**






Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792



**landwyd 'n gewilde instelling geword**

aangebied is. Verskeie vooraanstaande sprekers het daaraan deelgeneem. Daar is selfs 'n helikopterdiens tussen Johannesburg en Sun City ingestel om simposiumgangers te vervoer.

*'Die beskikbaarheid van werkgeleenthede vorm die hoeksteen van 'n stabiele samelewing' – mnr Arie van der Zwan, uitvoerende direkteur: Southern Lewens*

Kleinsakeweek is deur sleutelorganisasies in die ontwikkeling van klein sake gereël. Die nasionale komitee het bestaan uit verteenwoordigers van die KSOK, die Universiteit van die Witwatersrand se Sentrum vir die Ontwikkeling van Sakeondernemings, die Nasionale Vereniging van Vroue-sake-eienaars (NVVS), die Get Ahead-stigting, die kleinsake-eenhede van Standardbank en Eerste Nasionale Bank, die Stedelike Stigting en die Adviesburo vir Klein-sake-ondernemings (ABKS). Verskeie ander organisasies het verteenwoordiging in die ses streekkomitees gehad.

Die tema van verlede jaar se kleinsakeweek is rondom die woord KLIëNTE gebou en was daarop gemik om die volgende doelstellings te bevorder: K vir kliëntebevrediging; L vir leiding deur opleiding; I vir insig in kliëntebehoeftes; E vir energieke diens; N vir nougesette riglyne vir kliëntediens; T vir tegemoetkomendheid in 'n veranderende Suid-Afrika en E vir 'n eersteklas strategie vir kliëntebevrediging. Gebeure in die week was op die volgende groepe en enkelinge gemik: bestaande entrepreneurs (om te streef na uitmuntendheid), voornemende entrepreneurs (om sluimerende talent te laat ontdooi), groot sakeondernemings (om deelname aan onderkontraktering aan te moedig), nasionale en plaaslike owerhede (om deregulering en privatisering aan te moedig), die jeug (om entrepreneurskap as loopbaan aan te moedig) en die informele en half-formele sektore (om vaardighede te verbeter ten einde toetrede tot ekonomiese aktiwiteite te vergemaklik).

*'Die KSOK is in der waarheid 'n werktuig wat gebruik kan word om 'n entrepreneursklimaat in Suid-Afrika te ontwikkel wat die grondslag vir werklike voorspoed lê' – mnr Johannes Hamman, besturende direkteur: Finansbank*



**Deborah Bosanquet het die KSOK se sake-opleidingsprogram deurloop en daarna haar winkel 'The Pie Factory' in Randburg geopen**

Hoewel die handel en nywerheid werk op 'n voortgesette grondslag voorsien, is nuwe sakeondernemings die sleutel tot die vermeerdering van werkgeleenthede. Suid-Afrika se enigste hoop om te floreer is die snelle uitbreiding van die informele sektor. Volgens mnr Arie van der Zwan, uitvoerende direkteur van Southern Lewens, kan dit net gebeur met vaardigheidsopleiding en deregulering wat tot die groei en ontwikkeling van die informele sektor sal lei.

Daar is veral in die Bruin en Swart bevolkingsgroepe 'n tekort aan suksesvolle sakelui. Verskeie redes word hiervoor genoem: In die eerste plek is daar beperkende maatreëls soos lisensiëring, sonering, groepsgebiederegulasies, belastingstrukture en arbeidswetgewing. Tweedens is daar 'n tekort aan geld vir lenings soos waagkapitaal met gunstige uitleen-


Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792






**Finansiering deur die KSOK het Margaret Logan in staat gestel om 'n materiaal-groothandelsaak te begin**



**Die KSOK verleen voorkeur aan die voorsiening van bekostigbare en gerieflik geleë persele vir klein sake**




Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792

voorwaardes en gebrekkige infrastruktuur in ontwikkelende gebiede. In die derde plek word 'n gebrek aan sakekennis en bestuursvaardighede genoem en die vierde struikelblok is 'n swak ontwikkelde ondernemerskultuur. Volgens dr Ben Vosloo, is daar te veel mense in die land wat glo dat die staat die bron van alle goeie dinge is. 'n Gesonde gemeenskap maak nie staat op die welsyn van die staat, die kerk of die rykes nie, maar op die inisiatief van die enkeling en harde werk.

*'Ons glo dat klein sake baie in die nuwe Suid-Afrika kan bydra om 'n vrye, regverdige en produktiewe gemeenskap tot stand te laat kom' – mnr Sonny Tarr, hoofbestuurder: KSOK*

Dr Vosloo noem vier hoofbedrywighede wat vir sukses in kleinsake-ontwikkeling aangemoedig moet word. Eerstens, finansiële bystand aan klein sake. Tweedens, die verskaffing van noodsaaklike sakegeriewe in agtergeblewe gebiede. Die verskaffing van opleidingsdienste om die sakekennis van kleinsake-ondernemers te verbeter, in die derde plek, is net so belangrik. Dit help min om werkgeleenthede te skep wat weer vinnig verdwyn. Daarom dat ondersteuningsdienste by kleinsake-afdelings van banke, die ABKS en die KSOK soveel aandag kry. Vierdens, moet met 'n nasionale dereguleringsprogram ontslae geraak word van 'n beheptheid met eerstewêreld-standaarde. Suid-Afrika is nie 'n eerstewêreldland nie, maar 'n derdewêreldland met 'n goed ontwikkelde moderne sektor. Groter verdraagsaamheid vir die informele sektor is nodig.

*'Die regering is nie net verbind tot die uitskakeling van struikelblokke in die weg van 'n vryemarkomgewing nie, maar is insgelyks verbind tot die daadwerklike bevordering van private ondernemingsgees' – mnr Kent Durr: voormalige Minister van Handel en Nywerheid en Toerisme.* □




**Die KSOK het hom daarvoor beywer om straatverkope weer dwarsdeur die land in te stel**



**Baie vroue skep hul eie werk deur produkte aan tuisnywerhede te lewer**



Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792



# SA sopraan skitter

Die Suid-Afrikaans gebore dramatiese sopraan Marita Napier is internasionaal bekend vir haar vertolking van die titelrol in Puccini se *Turandot*



▷
**In peinsende luim in die kleedkamer tydens Truk se *Tristan und Isolde* in 1985 (foto: Truk)**



Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792

◁ **AA Lewens se Vita-prys vir opera is in 1989 aan Marita toegeken vir haar skitterende vertolking van Ortrud in Truk se aanbieding van Richard Wagner se *Lohengrin* (foto: Truk)**

▽ **Napier is 'n gevierde naamrolsanger in Puccini se *Turandot*. Hier sing sy in 'n aanbieding in Warskou (foto met vergunning van Juliusz Multarzynski van *Fotografowal*, Warskou)**



VIR Marita Napier is daar te min ure in elke dag, is Johannesburg, München, Hamburg en New York ewe bekende bakens, en het harde werk en 'n vol program lankal reeds 'n lewenswyse geword.

Sedert sy in die jare sestig na die buiteland vertrek het waar sy aanvanklik in Duitsland onder prof Theo Lindenbaum in Detmold gestudeer het, het sy 'n bekende op opera- en konsertverhoë geword. Soos haar repertorium uitgebrei het, het sy ondanks 'n mededingende internasionale mark haar plek onder die voorste soprane van die wêreld losgesing en in 'n verskeidenheid rolle uitgeblink.

Haar sangloopbaan het haar geneem na Barcelona, Madrid en Sevilla, na Rome, Florence, Venesië en die grootste opelugteater ter wêreld in Verona, na Oos- en Wes-Berlyn, Bayreuth, Stuttgart, Hamburg, Düsseldorf en Frankfurt. In Oostenryk het sy onder meer in Wenen en Salzburg gesing en die Amerikaners in New York, San Francisco, Boston, Dallas, Houston, Minneapolis, Seattle en Los Angeles aan haar voete gehad. Sy het ook in Toronto en Montreal, en in Buenos Aires, Rio de Janeiro, Santiago en Sao Paulo opgetree. Sy is in 1970 met die Duitse liriese tenoor Wolfram Assman getroud.

Marita is die enigste Suid-Afrikaner wat tot dusver 'n sogenaamde *Grand Slam* in opera kon behaal met optredes in Covent Garden (Londen), La Scala (Milaan), die Weense Staatsoperahuis en die Metropolitan in New York. Die Grammy-toekenning wat sy ontvang het vir haar bydrae tot die laserplaatopname deur Deutsche Grammophon in 1989 van *Die Walküre* van Richard Wagner is eweneens 'n eerste vir 'n Suid-Afrikaanse sanger van ernstige musiek. Die Franse *Grand Prix du Disque*-prys vir *Gurrelieder* van Schoen-


Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792



△ **Mej Napier as die ma in Engelbert Humperdinck se *Haensel und Gretel* saam met Lize Thomas (Hansie), Hans van Heerden (die pa) en Anina Wasserman (Grietjie) (foto: Francette le Roux)**

▷ **Marita Napier, die gebore Suid-Afrikaanse dramatiese sopraan wie se loopbaan haar reeds na al die uithoeke van die wêreld geneem het (foto: Truk)**



berg is ook aan haar toegeken. Plaaslik het sy die Nederburg-operaprys ontvang vir haar vertolking van Turandot en ook van Isolde, die Ierse prinses in Wagner se *Tristan und Isolde*, asook AA Lewens se Vita-prys vir Ortrud in *Lohengrin*.

Sy is by uitstek 'n *Turandot*-sanger en word allerweë saam met Ghena Dimitrova, Gwyneth Jones, Eva Marton




Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792



en Birgit Nilsson as een van die beste naamrolsangers in dié werk gereken. Hierdie rol is vir die meeste soprane 'n nagmerrie, veral vanweë die ingewikkelde partituur. Wanneer Turandot haar verskyning op die verhoog maak, moet sy met 'n moeilike aria begin sonder enige orkesbegeleiding of inleidende resitatief. Boonop moet daar deurentyd rekening gehou word met die oordadige hooftooisels, kostuums en grimering wat so eie aan die stuk is. Mej Napier het reeds meer as 70 keer dié veeleisende rol

▽ **Marita Napier as Jenufa saam met Leonie Rysanek (Kostelnicka) in Leos Janácek se opera, *Její Pastorkyna*, in Marseille in 1986 (foto met vergunning van Christian Dresse, Marseille)**



vertolk – onder meer in Franco Zeffirelli se skouspelagtige aanbieding in 1989 in die Metropolitan.

Ander operarolle waarin sy internasionaal hoog aangeskryf is, sluit in Chrysothemis in *Elektra* en die naamrol in *Ariadne auf Naxos* van Richard Strauss. Oor haar vertolking van Senta in *Die Fliegende Holländer* van Wagner, het 'n resensent in 1980 in die *Los Angeles Times* geskryf: 'Marita Napier het nie haar gelyke in die wêreld as Senta nie. Haar vertolking is 'n openbaring. Briljant, nie net 'n groot sangeres nie, maar ook 'n groot kunstenares. Dit sal ná haar weergawe in der waarheid moeilik wees om enige ander sopraan voortaan in hierdie rol te aanvaar.'

Hoewel beter as operasangeres bekend, gee sy ook gereeld lieder-uitvoerings. 'Lieder is vir my 'n groot uitdaging en dit is goed om mens so af en toe daarop toe te spits want dit maak die stem weer skoon en helder. Mahler is my geliefkoosde lieder-komponis want sy werke pas my stem uitstekend,' sê mej. Napier.

DIE lewe van 'n prima donna lyk so glansryk en romanties, vol geleenthede om op die roemryke operaverhoë en saam met van die wêreld se beste orkeste, dirigente, regisseurs en sangers soos Placido Domingo, José van Damm, Thomas Stewart, Peter Hoffmann en Leonie Rysanek op te tree. Maar is dit werklik so 'n stralerjakkerlewe?

'Die prys vir roem is hoog want ná al die applous, die kalklig en die heldeverering, sit jy ook maar net weer alleen in jou hotelkamer, gereed om na die volgende bestemming te vertrek. Mens raak moeg daarvan om uit tasse te lewe, van 'n bestaan streng volgens 'n dagboek en om by lughawens te sit en wag. Dit is eensame plekke . . . ek ken hulle almal,' sê sy.

Maar om bo uit te kom, moet jy aanpasbaar wees en jouself vereenselwig


Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792



▽
**Aan opwinding en interessante mense skiet die lewe van 'n operaster nie te kort nie. Hier is Marita in Wenen saam met die gevierde Russiese balletdanser, Rudolf Nureyef (foto: Truk, met vergunning van *Palffy* in Wenen)**





Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792

◁ **Die dekor- en stelontwerper van die Roodepoortse Stadsteater, Carl van der Westhuizen, rond Marita Napier se grimering af voor 'n optrede in dié stadsoperahuis (foto: Francette le Roux)**

▽ **Marita het ook die rol van die boosaardige heks in dieselfde produksie van *Hansie en Grietjie* vertolk (foto: Francette le Roux)**



met die voor- en nadele van so 'n beroep. 'Om die boonste sport te bereik verg senuwees van staal en tweehonderd persent geesdrif en stamina. Jy het baie geleenthede maar dan moet jy bereid wees om baie hard te werk. As jy nie oor 'n sterk selfbeeld beskik nie, is jou loopbaan gedoem want resensente, kenners en selfs leke sit altyd reg om jou uitmekaar te skeur elke keer as jy jou mond oopmaak.

'Hoe ouer mens word, hoe groter raak die heimwee na jou land en jou mense. Ek wil graag terugkom huis toe. Ná 'n kwart eeu in die buiteland en kruis en dwars oor die wêreld vlieg, wil ek nou rustiger lewe.'

Dis moeilik om uit die internasionale kollig te tree, maar as daar niks nuuts of opwindends in elke kontrak of rol is nie en al die repetering en optrede sieldodend en vervelig raak, dan is lekker ook nie meer lekker nie. 'Ek het al die rolle gesing wat ek wou. Elke dag moet vir my 'n uitdaging wees. Ek wil voel ek lewe . . . en ek weet ek kan dit hiér in Suid-Afrika kom doen'.


Sy beplan om haar binnekort weer in haar geboorteland te vestig en het reeds 'n kontrak met die Kaaplandse Raad vir die Uitvoerende Kunste (Kruik) gesluit om Amelia (*Un Ballo in Maschera* van Verdi), Isolde (*Tristan und Isolde* van Wagner) en Santuzza (*Cavalleria Rusticana* van Pietro Mascagni) in 1991 te sing, asook Senta in die Transvaalse Raad vir die Uitvoerende Kunste (Truk) se produksie van *Die Fliegende Holländer*. Ook lê die onderrig van jonger sangers haar na aan die hart. Met haar wye ondervinding en repertorium, kan sy net 'n positiewe invloed op Suid-Afrika se jong talent hê. □

**Artikel: Francette le Roux**
**Foto's: Truk; Francette le Roux**
**Uitleg: Mariska Botha**


Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792



△
'n Minnesanger met 'n vrolike ruiker wat enige wyfie se hart sal vermurwe (foto: Tim Liversedge, Anthony Bannister-fototeek)



◁
'n Gedeelte van Benoni se besoedelde Brulpaddapan (foto: Gerard Turnley)



Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792





△
**Die brulpadda se makabere dieet sluit nie net rotte en ander paddaspesies in nie, maar selfs eie bloedfamilie (foto: Abré Steyn)**

◁
**Die brulpadda bring die grootste deel van sy bestaan ondergronds deur (foto: Anthony Bannister)**



Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792

is slegs die gedeelte van die oë af boontoe op die wateroppervlak sigbaar, terwyl die mannetjie nie skroom om baie meer lyf te wys nie, veral sy spoggerige oranje keel. In gevegte tussen die mannetjies gooi die verloorder tou op deur skielik laag in die water te gaan sit. Een oorwinnaar het selfs op 'n keer tevergeefs probeer om by so 'n 'wyfie' te flikflooi.

Vreemd genoeg het hierdie reus die vlakste broeihabitat van alle inheemse paddasoorte wat in oop water hul eiers lê – dele van panne en tydelike reënpoele wat selde dieper as 10 cm is. Omdat die water maklik deur die son verhit word, broei die eiers binne 'n rekordtyd uit en ontwikkel die paddavisse, wat vegetariërs is, vinniger as die van ander spesies. Hierdie waterbronne droog helaas gou op, maar gelukkig is die brulpaddawyfie in staat om 'n paar keer in een broeiseisoen te kan eiers lê. Die klein paddatjies verander sommer gou in gulsige predatore wat in 'n oogwink al die voedsel in hul nabyheid en selfs mekaar verslind en dan van hul geboorteplek af wegtrek op soek na nuwe weiveld.

Die brulpadda bring die grootste deel van sy bestaan ondergronds deur. Gedurende dié tyd leef hy van die vetreserwe wat hy in die reënseisoen opbou. Sy enorme bek stel hom in staat om nie net insekte nie, maar ook muise, voëls, ander paddas en selfs slange lewendig te verorber. Brulpaddas leef baie lank en het in gevangenskap al tot 35 jaar oud geword.

Dit wil voorkom of hierdie kêrel 'n meester is in die stryd op oorlewing. Teen twee faktore het hy egter geen verweer nie – die vernietiging en chemiese besoedeling van sy natuurlike blyplekke deur die mens. Verstedeliking en landbou het veroorsaak dat veral vleilande en Hoëveldse panne Suid-Afrika se twee mees bedreigde habitats geword het. As broeiplekke is hierdie gebiede egter onontbeerlik vir die voortbestaan van die brulpadda waarvan die getal in baie dele van die land reeds drasties afgeneem het.

Vir die inwoners van die Oos-Randse dorp Benoni lê die bewaring van dié dier na aan die hart. Die dorp se Brulpaddapan, waarin volgens mnr Steyn sowat 20 jaar gelede waarskynlik die meeste brulpaddas in Transvaal gehou het, is besoedel deur afval wat die pan al hoe meer verdring. Destyds was daar ook volop watervoëls waarvan sommige selfs hul broeisiklus gesinchroniseer het om met die van die paddas saam te val. 'n Komitee, die *Vriende van die Brulpadda*, is gestig om verdere besoedeling te voorkom en die ekologie sover moontlik te probeer herstel. Volgens die voorsitter, mev Kate Fitzgerald, is alle rommelstorting by die pan reeds gestaak.

Op 9 Desember verlede jaar is die dag spesiaal gewy aan die brulpadda. 'n Reuse-opruimingsaksie is by die pan gehou waaraan die publiek ook kon deelneem. Mnr Vincent Carruthers, natuurkenner en medeskrywer van die boek *South African Frogs*, spreek dikwels die jeug toe om bewaringsbewustheid jeens dié eiesoortige amfibie aan te wakker. Hopelik wag daar op die brulpadda net so 'n rooskleurige toekoms as in die sprokie van die paddaprins. □



△ **'n Prins in sy poel . . . (foto: Abré Steyn)**


Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792





Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792

# Kruieskat word bewaar

**Artikel: John Deacon**

**Foto's: Guy Stubbs**

**Uitleg: Maggie Tyler**

VOERTUIE kom gereeld by 'n groot opelug-kruiemark naby Umlazi, Durban, aan vir die aflewering of aankoop van plantbolle, boombas, orgideë en ander plante. Bene, velle, gedroogde insekte en vere wat 'magiese' eienskappe bevat, word ook hier by Ezimbuzini ('plek waar bokke gekoop word') ten toon gestel.

Maar dis net die puntjie van die ysberg. In 1987 het die Vereniging van Handelaars in Geneeskundige Kruie 100 geregistreerde winkels in Natal gehad, afgesien van afsetplekke vir die Natalse nyangas (kruiedokters).


Daar was nog altyd 'n vraag na kruiemedisyne maar dit het aansienlik toegeneem met die snelle verstedeliking. Dit het groter geleentheid vir kruiedokters geskep, want baie stedelinge gebruik nog kruiemedisyne.

Sommige kruiesoorte het al hoe skaarser geraak weens die uitbreiding van stede en landbougebied en die groter vraag. Al hoe meer mense het ook seldsame plante op groot skaal vir eie gewin versamel.

Een van Durban se beste kruiekenners, Protus Cele, het 'n stuk of 15 seldsame plante aan Geoff Nichols, bewaringsbeampte van Durban se parkeafdeling, getoon en aan die hand gedoen dat hy die plante kweek. Dr Tony Cunningham van die Instituut van Natuurlike Hulpbronne, wat die omvang van die kruiehandel ondersoek het, het skaars spesies geïdentifiseer en 'n lys saamgestel van watter plante by voorkeur gekweek moet word.

So het die Silverglen Medisinale Plantprojek, wat die samewerking van alle plaaslike bewaringsliggame geniet, tot stand gekom. Dié kwekery – in 'n munisipale park geleë – kry saad, bolle en lote van plaaslike natuurreservate en Natalse boere.

Silverglen se vernaamste oogmerk is om seldsame en nuttige plante te bewaar deur mense aan te moedig om die plante van kwekerye eerder as uit die veld te kry. Maar die kwekerybestuur kan die plante nie sonder hulp bewaar nie. Bewaringsliggame, ander kwekerye en private individue behoort geneeskundige kruie oor die hele Suider-Afrika aan te plant. Silverglen hoop om 'n aantal kruieversamelaars spoedig te oorreed om geneeskundige plante te kweek eerder as om ver te reis om die plante te versamel. Die stadsraad het grond hiervoor voorsien en mnr Cele kweek reeds geneeskragtige kruie op 'n stukkie be-



**△ Die melkbos en melkbosvlinder is afhanklik van mekaar vir oorlewing, aangesien die skoenlapper en sy larwe die enigste insekte is wat aangepas is om dié giftige plant te bestuif en daarop te leef. Hierdie melkbossoort *(Asclepias physocarpa)* word vir dermspoeling by Zoeloekinders gebruik**


**◁ Een van die 100 gelisensieerde kruiewinkels in Natal. Hier word plantbolle en boombas volgens voorskrif toeberei en aangemaakte kruiemiddels vir alledaagse ongesteldhede verkoop**



Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792

▷ By die Silverglen-kwekery word skoolgroepe onderrig in omgewingsbewaring. Hulle leer waar geneeskragtige plante groei en word aangemoedig om skaars soorte te bewaar. Links is 'n deel van die kwekery waar saailinge gekweek word

▽ Ben Ganza, 'n kruiekenner in diens van die kwekery, ruik aan 'n pynappelblom *Eucomis autumnalis.* Duisende eksemplare van hierdie gesogte geneeskundige kruid is by Silverglen van saad gekweek. Enver Buckas, 'n tuinboukundige, kyk toe





▷ *Clivia miniata,* 'n geneeskundige kruid wat ook 'n gewilde sierplant is

▷▷ *Agapanthus praecox* is 'n geneeskragtige plant wat ook volop in tuine voorkom






▷ *Aloe aristata* wat deur sangomas of tradisionele helers gebruik word om hutte teen bose invloede te beskerm

▷▷ *Nymphaea capensis.* Volgens oorlewering kan hierdie waterlelie 'n mens beskerm







Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792



**Die eietydse mondering van die tradisionele heler (sangoma) toon tekens van beïnvloeding deur Westerse modes**


Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792






Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792

sproeiingsgrond naby Umlazi.

Mnr Nichols moedig kwekerye aan om sierplante met geneeskundige bolle te kweek. 'n Groot bosboumaatskappy het honderde lote van die seldsame en pragtige swartstinkhoutboom wat dikwels vir medisinale doeleindes ontbas word, beskikbaar gestel om die stroping van veldbome te beperk. Lote van die skaars peperboom is ook in die kwekery in die Transvaalse Laeveld aangeplant.

Mnr Nichols het reeds 200 van Suid-Afrika se 400 vernaamste geneeskundige plante by Silverglen aangeplant. Hy bestudeer die plante in die veld en skep dan die regte groeitoestande in sy kweekhuise. 'Ons leer maar algaande deur ons foute,' sê hy.

Van Silverglen se plante word uit weefselkulture gepropageer deur klein stukkies van die weefsel in 'n jellieagtige groeimedium in die laboratorium te kweek. Die klein plantjies moet onder glas gespeen word voordat hulle in die kwekery uitgeplant kan word. Tans word net voldoende hoeveelhede van drie of vier plantsoorte by Silverglen gekweek om in die plaaslike vraag te voorsien. Die gemmerplant is deur die Kirstenbosch Botaniese Tuin in voldoende hoeveelhede deur weefselkultuur vermeerder om talle Suid-Afrikaanse kwekers te kan voorsien.

Die besoekersentrum by Silverglen kry groot aftrek by kruiedokters en ander belangstellendes, waaronder skoolgroepe wat meesal van die aangrensende Umlazi en Chatsworth kom. Die vertoontuin bevat plante wat in water, op droë grond en in vleie groei sodat besoekers kennis kan maak met die gewildste kruie- en ander nuttige plante.

'Job se trane' is saad wat vir halssnoere gebruik word; Zoeloe-riete word gebruik vir die weef van matte. Die tempelboom *Ficus religiosa* word dikwels in Hindoe-tempels aangetref. Die Durbanse Botaniese Tuin het Westerse kruie verruil vir Afrika-kruie wat in Silverglen groei. Ook kruie vir Indiese geregte word hier gekweek.

Noristan, 'n Pretoriase farmaseutiese onderneming, het bevind dat van die gewildste kruie belowende medisinale eienskappe het, hoewel skadelike newe-effekte kan voorkom. Suster L Mathibe van die Mediese Universiteit van Suider-Afrika naby Pretoria, sê dat verkeerde dosisse van 'muti'-kruie vergiftiging kan veroorsaak. □



**△ Kruieversamelaars besigtig die *Gloriosa superba* (vuurlelie) by die kwekery**



**△ Mark Meyer in die weefselkultuurkamer van die Durbanse Botaniese Tuin. Hier word kruiespesies wat moeilik is om te kweek deur middel van mikrovoortplantingsmetodes vir Silverglen gepropageer**

**◁ 'n Kruiewinkel. Onder is bas, plantbolle en kruie uitgestal. Op die middelste rakke pryk bottels 'muti'-kruie, met Westerse en Oosterse medisyne heel bo**


Digitized by the University of Pretoria, Library Services

**Artikel: John Deacon**

**Foto's: Stuart Semple**

**Uitleg: Peggy Serwas**


DIE weg na die toekoms word gebaan in Lesotho, die land van 'n duisend heuwels. Honderde voertuie word gebruik om breë, moderne paaie na die eens ongerepte hoogtes aan te lê. Hierdie paaie strek tot by die diep hoefyster-canyon, uitgekalwer deur die Malibamatsorivier, 'n sytak van die Bo-Oranje.

Hier sal die 180 m hoë wal van die Katsedam – die eerste van vyf reusedamme wat oor die volgende 30 jaar in die bergkoninkryk gebou sal word – in 1996 'n magtige 'vingermeer' in die canyon opstoot. Dit sal dan moontlik wees om 'n gedeelte van die rivier se water te graviteer en deur tonnels onder 3 000 m hoë berge deur te voer tot anderkant Clarens in die Oos-Vrystaat waar dit die Vaalrivier-opvanggebied in Suid-Afrika sal binnevloei.

Wanneer die mis wyk word die bergdak van Suider-Afrika sigbaar. Met 'n vierwielaangedrewe voertuig verskaf deur die Lesotho Highlands Development Authority (LHDA) – wat verantwoordelik is vir die ontwerp, bou en bedryf van die waterprojek – word die damterrein oos van Maseru, hoofstad van Lesotho, ná 'n rit van vyf uur oor die ruwe Boesman- en Bloubergpas bereik. Die Trans-Caledon Tunnel Authority (TCTA) bou die watertoevoertonnel in Suid-Afrika.

Lesotho is 'n ongenaakbare land. Afgesien van enkele veewagtershutte op die heuweltoppe is van die uitgestrekte, hoogliggende dele feitlik onbewoon. Waar die grond dit toelaat, bewerk boere hul lande met osse gespan voor 'n eenskaarploeg.

Katse nader reeds voltooiing. Hierdie dorpie sal die bouers van die



# Die dambouers



Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792



**Dlovis Bramoni kyk na die sonsopkoms bokant 'n perdeskoen-canyon wat in 'n 180 m diep meer by Katse 2 km bokant die damwal omgeskakel gaan word. 'n Toeristeherberg word tans daar gebou**


Die Lesotho-Hooglandwater-projek is op dreef en sal by voltooiing die watertoevloei na Johannesburg en omstreke – nywerheidshartland van Suider-Afrika – verdubbel



Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792



'n Klompie van die duisend werkers by die bedryfsentrum bokant Katsedam. Die konstruksiedorp daar naby sal by voltooiing ongeveer drieduisend dambouers huisves





Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792



In 1996 sal besoekers aan Lesotho die 180 m hoë wal van Katse, Afrika se hoogste dam, kan sien (dit sal tot by die bopunt van die skaduwee reik). Die opgegaarde water sal deur 3 000 m hoë berge vloei om Suid-Afrika se dors te les

Mnre R T Machebelele en T P C van Robbroeck, hoofafgevaardigdes van Suid-Afrika en Lesotho in die Joint Permanent Technical Commission. Die twee lande werk op hoogste vlak saam om die lewensbelangrike waterprojek ten uitvoer te bring (foto: Gerard Turnley)





Hierdie 1:70 werkende model van die Katsedam is van 15 ton staal deur die WNNR op Stellenbosch gebou. Met die doel om die bou van die dam te vereenvoudig, omvat die model ook 'n gedeelte van die Malibamatsorivier bokant en onderkant die wal. (foto: WNNR)

dam met dieselfde naam huisves. Die dam sal die canyon tot 'n diep, fjordagtige meer omskep. Die toegangsroete van Leribe af in die noorde, wat die hoogste geleë teerpad in Afrika oor die 3 200 m hoë Witmanspas insluit, is tans nog te ru vir 'n gewone motor.

Daar kon nie met die dam begin word voordat die toegangsroetes en die brûe gebou en die werkersdorpie klaar was nie. Die grootste deel van die aanvanklike infrastruktuur is deur Suid-Afrikaanse konsortiums verskaf. Die Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika (OBSA) in Midrand naby Johannesburg het 'n lening van R650 miljoen vir die doel toegestaan.

Die aanvoorwerk is reeds afgehandel. Einde 1990 het die LHDA 12 kontrakte ten bedrae van R1 651 miljoen aan Italiaanse, Franse, Duitse, Britse en Suid-Afrikaanse konsortiums toegeken vir die bou van Katsedam en twee manshoogte tonnels om water na Suid-Afrika te vervoer.

Terselfdertyd het drie Suider-Afrikaanse banke oorbruggingsfinansiering verskaf sodat konstruksie kon voortgaan tot leningsooreenkomste met die Wêreldbank, Europese handelsbanke en die Statebondsontwikkelingskorporasie vanjaar in werking tree. Nagenoeg 30 persent van die finansiering kom van die buiteland. Dit was trouens 'n tendervoorwaarde dat kontrakteurs die maksimum buitelandse kapitaal bekom.

Die kontrakte vir 'n hidrokragsentrale behoort aanstaande jaar toegeken te word. Die Europese Gemeenskap (EG) en die Ontwikkelingsbank van Afrika sal waarskynlik die lenings hiervoor verskaf. Die 55 m hoë Muela-stortdam sal 'n belangrike deel van die sentrale uitmaak.

Hoewel slegs 'n beperkte hoeveelheid hidrokrag opgewek sal word, vergeleke met die kapasiteit van Suid-Afrika se steenkoolgestookte kragsentrales, sal dit byna voldoende wees om Lesotho selfversorgend te maak en die land daardeur 'n beraamde R230 miljoen per jaar aan elektrisiteitsinvoer uit Suid-Afrika bespaar.


Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792

Ingevolge die waterverdrag wat in 1986 deur die twee lande gesluit is, sal Lesotho huurtol van Suid-Afrika ontvang. Vanselfsprekend sal Suid-Afrikaanse verbruikers hiertoe 'n bydrae lewer deur effens hoër watertariewe te betaal.


DIE Lesotho-Hooglandwaterprojek (LHWP) is die grootste bilaterale projek wat nog in Suider-Afrika aangepak is en dit het deure vir ontwikkeling in die subkontinent oopgemaak soos nog nooit tevore nie.


Die skep van werkgeleenthede en die opleiding van mense om die damme en tonnels te bou, die verskaffing van materiaal en voorsiening in die werkers se behoeftes is deurslaggewend vir die toekoms van dié waterprojek. Dit bied 'n ontsaglike uitdaging aan plaaslike en buitelandse sakelui. Die potensiële ekonomiese impak van die projek op Lesotho se openbare en private sektore is aan die hand van intensiewe opnames beraam.

Daar sal eersdaags by die opleidingsinstituut by Thaba Tseka naby Katse begin word om drie- tot vierduisend Basoeto's in basiese tegniese vaardighede te onderrig. Sodoende sal 'n onontbeerlike korps van opgeleide werkers vir die latere stadiums van die projek opgebou word. Die water wat uit die laaste drie van hierdie 21ste-eeuse damme sal vloei om ongeveer 200 km rivier-canyons in die uitgestrekte hooglandgebied te vul, sal na Katse, die sleuteldam, gepomp word.

Baie geld kan met toerisme verdien word. Tans besoek 216 000 toeriste, onder wie 90 persent Suid-Afrikaners, Lesotho elke jaar, maar die syfer kan maklik verdubbel. 'n Toeristeherberg word tans by Katse aan die rand van die perdeskoen-canyon opgerig, waar uitstappies op Basoetoponies onderneem kan word.

Met die hulp van die EG en in noue samewerking met belanghebbende Suid-Afrikaanse instellings het 'n afdeling van die LHDA 'n omgewingsaksieplan opgestel. Dié afdeling is van raad gedien deur kundiges op terreine wat wissel van






**Onderrig en opleiding is van deurslaggewende belang. Die vierkantige huise bokant die tradisionele kliphutte is gebou as vergoeding aan mense wat verskuif moes word om plek te maak vir 'n nuwe pad. Altesaam 3 764 huishoudings sal deur Katsedam en die kragsentrale geraak word**



Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792



Dié kliprante en waarskynlik ook die hutte sal deur Katsedam oorstroom word, wat beteken dat die herders vergoed sal moet word. Vandag verdien 'n enkele werker feitlik net soveel as 'n hele dorpie in vroeër jare – 'n teken dat die leefwyse verander het

gesondheid en bosbou tot landbou en paleontologie.

Die projek behels die volgende: Eerstens is die hartland van die LHWP tot 'n bewaringsgebied verklaar – tesame met die grond, plantegroei en fauna, asook oerklipwerktuie en Boesmantekeninge. Tweedens sal mense vergoed word wat deur die Katsedam en die hidroëlektriese projek geraak word – indien hul hutte en lande sou oorstroom en hul toegangsroetes deur water afgesny word. Daar is ooreengekom dat mense wat deur die waterprojek geraak word nie slegter as voorheen daaraan toe moet wees nie.

Die derde been van die projek is gemik op landelike ontwikkeling en het ten doel om mense te vergoed vir die inkomste wat hulle verloor. Dit is naamlik die uitgangspunt om mense eerder te leer visvang as om die vis aan hulle te verskaf. Die ontwikkeling van klein plaaslike nywerhede, visvang en selfs bosbou, kan 'n belangrike deel van hierdie plan uitmaak. Lesotho bestee jaarliks R500 miljoen aan voedselinvoer. Dié bedrag is gelyk aan die verdienste van dié land se burgers in Suid-Afrika, meestal as mynwerkers.

Die konsep vir die omgewingsaksieplan is in Maseru aan mnr Hans Pettenburger voorgelê. Hy is die plaaslike verteenwoordiger van die Suid-Afrikaanse afvaardiging na die Joint Permanent Technical Commission (JPTC) vir die oplossing van knelpunte. 'n Konsortium van omgewingskundiges sal die LHDA se aanbevelings oor koste, tegniese aspekte en uitvoerbaarheid evalueer.

Hierdie konsortium het ook advies ingewin van ander kundiges by universiteite, die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) en die Wetenskaplike en Nywerheidnavorsingsraad (WNNR). Die gewysigde plan, wat voorstelle deur genoemde instansies insluit, is deur albei partye aanvaar.

Die Wêreldbank onderskryf geen projek sonder omgewingswaarborge nie. Hoewel dié bank sekere riglyne verskaf het, word dié grootse waterprojek se omgewingsaksieplan as 'n toetsgeval vir toekomstige bewaring in derdewêreldlande beskou.

'Vanselfsprekend is daar soms botsende belange op die spel,' sê mnr Pettenburger. 'Lesotho se aanspraak op maksimum voordeel uit die projek, stem nie altyd ooreen met




**Die noordelike toegangsroete na die Lesotho Hooglandwaterprojek wat die watertoevoer na die nywerheidshart van Suider-Afrika sal verdubbel. Aandag sal aan skade aan die omgewing gegee word**


Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792






Van die 81 huise by Katse wat deur kliënte en toesighoudende raadgewers bewoon sal word. Die dorp word deur Suid-Afrikaanse en Franse maatskappye gebou. Daar is ook 'n winkelsentrum met kantore vir plaaslike sakelui, 'n kliniek, 'n skool en ander moderne geriewe



Hierdie brug wat deur Suid-Afrikaanse maatskappye ontwerp en gebou is, is 85 m bokant die bedding van die Malibamatsorivier en sal nie oorstroom word wanneer die water in 1996 in die Katsedam styg nie. Die verbindingspad moet nog gebou word



Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792






**Wat hou die toekoms in vir die skaapwagtertjie? Nuwe ontwikkeling in sy eens ongeskonde bergkoninkryk kan sy lewe ingrypend verander**

**Die nuwe Caledonspoortbrug wat Fouriesburg in die Oos-Vrystaat verbind met Butha Buthe, die naaste dorp in Lesotho aan die beplande hidroëlektriese kragsentrale. Sowat 'n halfdosyn grensdorpe sal verdubbel in grootte en vervoerondernemings maak dus reg om die groot toename in grensverkeer te hanteer**





**Mnr Setenane Qhobela, instandhoudingsbeampte by 'n proeftonnel om rotskwaliteit vir die beplande ondergrondse kragsentrale te toets. Hierdie sentrale sal in feitlik al Lesotho se elektrisiteitshehoeftes voorsien**

die vereiste om projekuitgawes tot die minimum te beperk nie.

'Gelukkig het die JPTC bewys dat hy bevoeg is om potensiële probleem areas uit te stryk. Die projek verloop vlot en sal binne die verwagte tydsbestek voltooi word.'

Volgens mnr Pettenburger is die belangrikste rol van die JPTC op die gebied van menseverhoudinge. 'Toe ons in 1983 begin het, was ons vreemdelinge vir mekaar. Ons moes eers leer om mekaar se standpunte te respekteer. Vandag besef ons dat 'n spanpoging die enigste manier is om Suider-Afrika te ontwikkel.'

DIE internasionale konsortiums wat deelname uit Suid-Afrika en Lesotho insluit, werk as 'n span aan die waterprojek en dit dien as 'n voorbeeld vir die res van Afrika. Die internasionale konsortiums verskaf die buitelandse kapitaal en die hoëvlakkundigheid wat dringend op die kontinent nodig is. Selfs die Suid-Afrikaners sal nie maklik raad weet met 'n 180 m hoë dam nie; dit vereis 'n hoër vlak van kundigheid as wat nodig was om húl grootste dam, die 107 m hoë P K le Roux-dam, te bou. Die Suid-Afrikaners het egter waardevolle ondervinding van plaaslike toestande en kan ook staal, sement en ander grondstowwe verskaf.

Die Basoeto's is egter beter as enigiemand anders vertroud met hul moeilike paaie en is bedag op digte mis, 'n verraderlike yslaag of stortreën in die berge. Die voertuigwrakke wat oral gesaai lê, verklap hoe moeilik dit is om op die dak van Suider-Afrika koers te hou, maar plaaslike inwoners ken hul slag en bestuur uiters behendig oor sneeubedekte passe en langs modderpaaie.

Die Lesotho-Hooglandwaterprojek illustreer duidelik dat die mense van Afrika kan saamwerk om hul enorme hulpbronne, met die hulp van internasionale kapitaal en kundigheid, te ontwikkel. Die toekoms is rooskleurig as gemeenskaplike belange deur samewerking bevorder word. □


Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792

# Suider-Afrika in beeld

'Hier aan die suidpunt van Afrika staan ons oorgehaal vir die mens se dolle jaagtog na die 21ste eeu, vasbeslote om 'n verlede agter te laat wat so vinnig vervaag dat ons dit skaars opmerk'

**Artikel: Elfriede Kruger**


**Foto's: Ryno Cloete**

**Uitleg: Maggie Tyler**

HIERDIE woorde van Clive Walker, kampvegter vir natuurbewaring, is ook 'n juiste weerspieëling van Mark Valentine se lewensbeskouing. Vir dié eertydse wildbewaarder is die behoud van die erfenis van Afrika se natuurvolke van die uiterste belang: 'Hul mites en legendes is van geslag tot geslag oorgelewer deur verhale en sang. Dié erfenis moet beslis vasgelê word voor dit verdwyn.'

'n Paar jaar gelede het Mark die Lala-Boesmans van die Wes-Kalahari besoek. Een aand om die kampvuur het hy meteens besef dat daar in werklikheid min bekend is oor sekere kulturele aspekte van hierdie kinders van die woestyn. So het die idee ontstaan van 'n geïllustreerde kaart wat die geografiese herkoms en kultuurerfenis van Suider-Afrika se stamme weergee.

Aangesien Mark nie kan teken nie, het die soektog begin na 'n kunstenaar wat hom sy droom kon help verwesenlik. Na drie jaar het hy Charlotte Firbank-King raakgeloop, 'n waterverfskilder wat uitmunt in gedetailleerde natuurlewestudies. Sy het Mark vergesel op 'n 7 000 km lange reis na afgeleë dele van Suider-Afrika sodat sy haar inspirasie kon put uit die ruwe skoonheid van dié sub-




▷ **Die vrug van twee jaar se arbeid – 'n meesterstuk wat die erfenis van Suider-Afrika se volkere weergee**



Digitized by the University of Pretoria, Library Services




Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792



▷ **Veewagtertjie met breëkoparend**



△ **Khoi-khoi (regs) en 'n !Xum-Boesman wat rotskuns beoefen**

kontinent. Die getande silhoeët van 'n bergreeks of die vlammende kleure van 'n Kalaharisonsondergang – alles het bygedra tot die onmiskenbare Afrika-inkleding van die kaart wat nie slegs 'n geskiedkundige illustrasie is nie, maar ook 'n kunswerk.

Weens 'n tekort aan navorsingstof moes Mark gedurig rondreis om Charlotte van inligting te voorsien. Daarna het sy met behulp van 'n vergrootglas elkeen van die 126 figuurtjies op die kaart, wat elk sowat 8 cm hoog is, herhaaldelik geskilder om 'n akkurate eindproduk te verseker. Dit het twee jaar geduur om elke fyn besonderheidjie vas te vang, nie slegs van die mense nie maar ook van die fauna en flora wat inheems is in die Suider-Afrika-substreek besuide die Zambezirivier.

In sy omswerwinge het Mark fassinerende groepe teëgekom soos die Tongas van die Zambezivallei, die Boesmans van die Kalahari en die Himbas van die Kaokoveld. Weens waterskaarste bad die Himbas selde maar vryf hul liggame in met geelklei en vet – en tog spog hulle met 'n vleklose gelaat. Die meeste volke leef egter lankal nie meer soos op die kaart




Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792

uitgebeeld nie. Hoewel die Boesmans hul gebruike behou het, is tradisionele velkledingstukke soos die *šoana* (stertriem) en velkombers deur Westerse klere vervang. Want in hierdie moderne eeu kan niemand van verandering weerhou word nie. Mark is derhalwe soveel te meer oortuig dat die tradisies van dié mense bewaar moet word.

Slegs 1 500 stelle van die kaart* word bemark, elk bestaande uit 'n afdruk van die oorspronklike, 'n inligtingsblad en vier klein figuursketse. Elf persent van die wins word geskenk aan die Lapalala Wilderness School waar minderbevoorregte kinders in natuurbewaring onderrig word. Die oorblywende geld sal aangewend word vir Mark se volgende projek – 'n boek oor die stamme van Suider-Afrika.

Vir diegene wat besorg is oor Afrika se erfenis het Mark 'n boodskap van hoop: 'Tradisionele Afrika sien besonder goed daar uit en dra 'n oorpak. Omdat ons daagliks mense in oorpakke sien, werksaam in myne en fabrieke, is ons geneig om te dink hulle is almal dieselfde. Elke groep is uniek en is trots daarop.' □



△ **Die Kavango's, 'n langgevestigde gemeenskap, is een van Namibië se interessantste inheemse groepe**



◁ **Mark Valentine en die kunstenaar, Charlotte Firbank-King**

---

* Verdere inligting kan verkry word van *Amatuli Artifacts C.C.*, Posbus 768, Parklands 2121 (tel (011) 486-1880/1).

---



Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792



Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792

# Varing-fantasie

Artikel: Elfriede Kruger
Foto's: John Burrows
Uitleg: Maggie Tyler

**Soos die bekende ontdekkingsreisiger David Livingstone sou beaam, verras Afrika telkens opnuut met sy natuurwonders. Vir die varingliefhebber bied Suider-Afrika 'n aanloklike verskeidenheid van dié sierlike, delikate plante**



△ **Die konynvoetvaring (*Davallia chaerophylloides*) kry sy beskrywende naam van die wollerige, kruipende risome**



△ **Min plantliefhebbers kan die leerruigtevaring (*Pteris vittata*) met sy woudagtige prag weerstaan**

◁ ***Polystichum alticola*, een van nege skildvaringsoorte wat in Suider-Afrika voorkom**

VARINGS deel reeds miljoene jare die planeet aarde met die mens. Hulle het sowat 380 miljoen jaar gelede ontwikkel en was veral volop in die Steenkoolformasietydperk, ook genoem die 'Varingtydperk'. Reuseboomvarings van 30 m hoog het gefloreer in prehistoriese woude, waarvan die oorblyfsels bygedra het tot die vorming van die aarde se steenkoollae. Fossiele wat in hierdie lae behoue gebly het, bied vandag waardevolle inligting omtrent oervarings.

In die 19de eeu het dié plante so gewild geraak by die Victoriane dat Brittanje spoedig vasgevang is in die greep van 'n varingmanie. Nadat die geneesheer John Lindsay 'n praktiese voortplantingsmetode ontdek het, kon uitheemse varings in Britse kweekhuise gekweek word. Dr Nathaniel Ward het glashouers, bekend as 'Wardian cases', ontwerp waarin varings gedy het omdat hulle teen vuil lug beskerm is. In byna elke woning het een van hierdie miniatuur-terrariums gepryk, afgesien van die varingpatrone wat mure, tapyte en silwerware versier het. Die enigste plek waar die plante nie voorgekom het nie, was die platteland wat deur varing-fanatici kaal gestroop is.

Danksy hul aanpasbaarheid groei varings in alle wêrelddele, buiten gebiede wat permanent met ys bedek is. Van die meer as 12 000 varingspesies word die grootste konsentrasie in die trope aangetref. Suider-Afrika se 343 spesies, waarvan 331 inheems is, maak 3,5 persent van die wêreldtotaal uit.


Hoewel die meeste varings 'n klam, skaduryke omgewing verkies, bestaan slegs 'n klein gedeelte van Suider-Afrika uit beboste gebied. Gevolglik moes talle soorte hulle ook by ander omgewings aanpas. In halfwoestyngebiede is die blare en stingels van xerofitiese of droog-




Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792

▷ **Van Suid-Afrika se twee inheemse boomvaringspesies is *Cyathea dregei* die algemeenste**

▽ **Marloth se lipvaring (*Cheilanthes marlothii*) is 'n woestynbewoner wat selfs in die dorste toestande kan oorleef**









△ **Die skrywer van *Southern African Ferns and Fern Allies*, John Burrows, en sy vrou Sandra**

▷ **Oates se vrouehaarvaring (*Adiantum oatesii*) is een van Suider-Afrika se skaarsste *Adiantum*-spesies**



Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792



tebestande varings met 'n wasagtige lagie, of hare of skubbe bedek om vog beter te behou. Een van die opstandingsvarings, die blouripvaring, *Cheilanthes eckloniana*, is 'n ware kanniedood. Die plant lyk gedurende die droë seisoen morsdood, maar na die eerste reën vou hy sy blare oop en verskrompel dan weer sodra die vog verdwyn.

'n Beperkte aantal varings soos die waterklawers (familie Marsileaceae) is hidrofiete of waterplante. Die Karibavaring (*Salvinia molesta*), 'n Suid-Amerikaanse indringerplant, het bekend geraak toe hy in 1959 in die Karibameer vervuil het. Biologiese beheer deur loslating van die Australiese snuitkewer (*Cyrtobagous salviniae*), wat van hierdie skadelike onkruid leef, was egter uiters geslaag.

Epifitiese varings soos die hertehoringvaring (*Platycerium alcicorne*) en die olifantsoorvaring (*Platycerium elephantotis*) heg hulself aan takke en stamme, maar kry geen voeding uit hul gashere nie. Die plant se steriele blare klem die boom vas vir ondersteuning, terwyl die vrugbare blare na buite oopbuig en 'n tregter vorm waarin voedingstowwe soos vallende blare, voëlmis en water versamel.

Hoewel nie inheems in Suider-Afrika nie, is *Platycerium bifurcatum*, ook 'n hertehoringvaring, uiters gewild by tuiniers. So ook ander soorte soos die delikate vrouehaarvarings (*Adiantum*-spesies), seweweeksvaring (*Rumohra adiantiformis*) en voëlnesvaring (*Asplenium nidus*). Die voordeel van varings as tuinplante is hul vermoë om te floreer in skaduryke hoekies waar ander plante nie eens sal oorleef nie.

Die majestueuse boomvaring kan met reg tot koning van die varingryk gekroon word. Twee spesies kom in Suid-Afrika voor – die gewone boomvaring (*Cyathea dregei*) wat volop in tuine aangetref word, en die bosboomvaring (*Cyathea capensis*) wat moeiliker is om te kweek. Alle boomvarings word egter beskerm en mag nie sonder 'n permit uit die natuur verwyder word nie. Hulle mag slegs gekoop word by kwekerye met 'n permit om handel te dryf in inheemse boomvarings. Buiten die adelaarsvaring (*Pteridium aquilinum*), is trouens alle inheemse Suid-Afrikaanse varingspesies beskermde plante.

**△ Volgens 'n Duitse legende het die vrouehaarvarings ontstaan toe 'n meisie van 'n krans gestort het nadat haar minnaar in 'n wolf verander het. 'n Fontein het ontspring waar sy geval het en uit haar hoof het delikate varingloof gespruit**


Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792



Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792.



△ ***Trichomanes rigidum*, een van die harde vliesvarings, verkies skaduryke, mosbedekte oewers en is goed bestand teen oorstromings**



△ **Die tongvaring *(Microgramma lycopodioides)* is een van Suider-Afrika se skaars epifiete. Die bruin stippels op die blare is sporangia, die kapsules wat die spore bevat**



△ **Die koningsvaring (*Osmunda regalis*) is waarskynlik vernoem na koning Osmund wat omstreeks 758 nC oor die Suid-Sakse geheers het**

◁ ***Lycopodium ophioglossoides*, een van die wolfskloue, is 'n skaars epifiet wat op mosbegroeide takke groei**

DIE ingewikkelde voortplantingstelsel van varings is deur die eeue met allerlei bygelowe geassosieer. Daar is byvoorbeeld geglo dat varingspore oor 'n wonderkrag beskik wat die draer daarvan onsigbaar sou maak. Eers in 1851 het die Duitse boekhandelaar, Friedrich Wilhelm Hofmeister, vasgestel hoe die varing nou eintlik voortplant.

Anders as die meeste ander plante dra varings geen blomme, vrugte of saad nie, maar vermeerder hulle deur spore wat aan die onderkant van die blare in kapsules of sporangia voorkom. Wanneer hierdie sporangia oopbars, word die ryp spore deur die wind versprei. Baie soorte produseer droogtebestande spore wat tot 20 jaar kan oorleef.

Wanneer 'n spoor in klam grond te lande kom, ontkiem dit en ontwikkel in die protallus – 'n hartvormige plantjie met manlike en vroulike organe. Na bevrugting ontwikkel die jong varingplant en put sy voedingstowwe uit die protallus wat later doodgaan. Na sowat twee jaar produseer die plant sy eie spoordraende blare om so die siklus te voltooi. Varings plant ook vegetatief voort deur knopvorming en deur sylote van die risoom of wortelstok.

Afrika was een van die laaste onverkende streke op aarde. Vandag word sy natuurerfenis egter deur uitwissing bedreig as gevolg van die mens se indringing. Woude word teen 'n sorgwekkende tempo vernietig, en aangesien varings volkome afhanklik is van hul habitat, sal ook hulle mettertyd verdwyn. Uitheemse indringerplante, lugbesoedeling en veral die vinnige bevolkingsaanwas hou ook ernstige gevaar in.

OM mense meer bewus te maak van dié sierlike plante, is die omvattende werk *Southern African Ferns and Fern Allies** onlangs gepubliseer. Met sy uitmuntende kleurfotografie en maklik leesbare teks is dié boek 'n treffer. Die skrywer John Burrows en sy vrou Sandra versamel reeds 18 jaar lank varings in die mees afgeleë uithoeke van Afrika. In die naoorlogse tydperk in die eertydse Rhodesië is hulle selfs van 'n militêre geleide vergesel wanneer hulle varings in die veld versamel het. Danksy die egpaar se toewyding kan toekomstige geslagte deel in hul optekening van ons kosbare varingerfenis, selfs al sou hulle nooit die voorreg hê om die plante in die natuur waar te neem nie. □

* *Southern African Ferns and Fern Allies* kan bestel word van *Frandsen Publishers (Pty) Ltd*, Posbus 122, Fourways 2055. Tel (011) 705-1223.



Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792



# Plattelandse weelde

Vakansieverblyf in Suid-Afrika het van 1987 af ongemerk 'n klemverskuiwing ondergaan. Suid-Afrikaners en veral buitelandse toeriste verkies al hoe meer die plattelandse karakter en rustige atmosfeer van binnelandse gastehuise en privaathotelle

**Artikel: Lynette van Hoven    Uitleg: Maggie Tyler**



Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792

PLATTELANDSE hotelle en gastehuise kan 'n lewenskragtige rol speel om toerisme en die ekonomie te bevorder. Baie van hierdie tuisgaanplekke is besonder weelderig en die persoonlike aandag wat aan gaste bestee word is 'n bonus. Veral buitelandse toeriste kry die geleentheid om Suid-Afrikaners en hul leefwyse eerstehands te leer ken. Van die plekke is statige ou herehuise met 'n ryk geskiedenis en 'n besonderse atmosfeer.

'n Menigte sulke wegbreekplekke bestaan reeds oral in die land en hul getalle groei steeds. Hul karakter verskil van plek tot plek. Daar is Kaaps-Hollandse herehuise op Bolandse wynplase, Engelse herberge, verskuilde jaghuise in die lowergroen Oos-Transvaal, Victoriaanse wonings en poskoetshuise wat tot hul eertydse glorie herstel is en nou hul deure wawyd oopgooi vir gaste. In die meeste gevalle dra die keurige binneversiering daartoe by om die karakter te verryk en 'n bepaalde stemming te skep.

'n Besoek aan 'n paar van die superherberge gee 'n aanduiding van die verskeidenheid waaruit die vakansieganger of toeris kan kies.

# Granny Mouse's Country House



△ **Granny Mouse's Country House – 'n weelderige herberg in die Natalse Middellande (foto: Richard Poynton)**

◁ **Kothuiswarmte met 'n uitsig oor die beboste riviersoom verwelkom die besoeker**

WAAR skoorsteenrook tussen die sagte groen heuwels en mistigheid van die Natalse Middellande draal, aan die oewer van die Leeurivier naby Balgowan, lê Granny Mouse's Country House. Die naam spel sy karakter – knus-gesellige kothuisstyl en persoonlike vertroeteling.

Richard Poynton en sy vrou Marian, wat hy liefdevol as Mouse aanspreek, het op 'n bootvaart langs die Teemsrivier in Engeland verskeie herberge besoek en daar en dan besluit om hul woonhuis op 'n hoog-

**Foto's: Stuart Semple**


Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792



**Victoriaanse baddens en wastafels met koperkrane pryk in die gastebadkamers**

tetjie aan die Leeurivieroewer in so 'n landelike verblyf te omskep. Binne 'n jaar het hulle hul woning vergroot en kleiner kothuise vir gaste gebou. Die herberg is in November 1987 oopgestel.

Die paartjie dra hul gaste op die hande en die gulhartige Richard met sy welige baard vervul die rol van die tradisionele herbergier. Afgesien van albei se belangstelling in spyseniering, is hulle ywerige versamelaars van oudhede en interessante dinge. Dit is juis hierdie stokperdjie wat 'n kuier by Granny Mouse 'n belewenis maak.

Die kroeg met sy jagterstema spog met spits houtvensterrame en -deure afkomstig uit 'n gesloopte kerkie wat in 1892 in Pietermaritzburg gebou is. Die Tartan Room is 'n intieme eetkamertjie, waarvan die mure met Skotse wolgeruit bedek is. In die Duck Room kan 'n mens in sagte stoele voor die vuurherd neersak, omring deur Mouse se versameling ornamentele eende van alle groottes en kleure. Koperkrane is vir die Victoriaanse baddens in die gastehuisies opgespoor.

Op 'n reënerige dag kan jy jou verkneukel in die ouderwetse boeke, soos Powell Perry se *Aunt Fanny's Album* met wenke vir Victoriaanse dames oor die tegniek van flirtasie, gedrag in die balsaal en grondreëls vir getroude dames. Ander interessante versamelings is oral te sien – afdrukke en skilderye, snuisterye en kunsvoorwerpe, pottebakkerswerk en ou implemente.

Richard het 'n intense belangstelling in goeie kos – hy lees graag resepteboeke vir ontspanning – en handhaaf die filosofie dat geregte wat met sorg voorberei is en goeie wyn slegs uit porselein, silwer en kristal geniet kan word. Silwerkandelare verskaf sagte kerslig waarby fisant en forel soveel beter smaak. Voor aandete vergesel die 'herbergier' sy gaste persoonlik langs trappe van spoorwegdwarslêers na die koel wynkelder wat hy uit soliede rots gekap het, om een van die wyne uit sy uitstekende versameling te kies.

Selfs die tuin adem 'n outydse geur met gesiggies, pronkertjies, pypies en madeliefies. Die gastehuisies is in Victoriaanse kothuisstyl ingerig. 'n Laslappiedeken, vuurherd en houer met tuisgemaakte roosmarynkoekies dra by om gaste te vertroetel en te verwelkom.




**Richard Poynton (links); Benji Ruiters, sjef van Mosambiekse herkoms, en Mouse Poynton beraadslaag oor die ontbyt by Granny Mouse's Country House**



Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792



# Fancourt

Foto's: Nelia Botha

**Fancourt-landgoedhotel by George in die Suid-Kaap is die spil waarom 'n opwindende nuwe gholfontspanningsoord geskep is**

AAN die pers voorheuwels van die Outeniekwaberge net buite George in die Suid-Kaap, lê Fancourt – 'n paradys vir gholfgeesdriftiges en speelterrein vir die rykes. Die projek is ontwikkel volgens die model van luukse residensiële buiteklubs soos Hilton Head, Palm Beach en Alaqua aan die Noord-Amerikaanse kuslyn.

Die kompleks sal by voltooiing nagenoeg R173 miljoen kos en het sy naam te danke aan Henry Fancourt White, die eerste eienaar van die herehuis wat in 'n weeldehotel omgeskep is. Die huidige eienaar is André Pieterse, in samewerking met die gholfmeester Gary Player, Koos Jonker van die Masterbond/Mykanos-groep en Billy Freer van Texas, eertydse beroepstennisspeler.

Die herehuis is in 1859 gebou en is vandag 'n nasionale gedenkwaardigheid. Henry Fancourt White, gebore in Yorkshire, Engeland, het na Suid-Afrika gekom om die Montagupas oor die Outeniekwaberge te bou. Sy seun Ernest Montagu White was 'n flambojante karakter en het in 1903 in besit van die huis gekom. Na 'n tragiese voorval waarin hy, sy stiefsuster en haar vriendin aan sampioenvergiftiging gesterf het, het die ou huis 'n tyd leeg gestaan omdat die inwoners van die omgewing vas geglo het dat dit daar spook. 'n Reeks eienaars het mekaar afgewissel voor die gebou na dertig jaar se verwaarlosing deur dr Roland Krynauw, 'n bekende Suid-Afrikaanse breinchirurg, gekoop, gerestoureer en vergroot is. Sedert 1969 behoort Fancourt aan André en Helena Pieterse en dit is onlangs as hotel oopgestel.

Helena is persoonlik verantwoordelik vir die smaakvolle binneversiering wat gedempte elegansie suggereer. Geen enkele besonderheid van die argi-


Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792

▷▷ **Geen moeite is met die binneversiering van Fancourt ontsien nie. Die portret toon die flambojante Ernest Montagu White**

▷ **André Pieterse, die eienaar van Fancourt, in die studeerkamer wat met sorg gerestoureer is**



▷ **Die eetkamer waar Ernest Montagu White en sy gaste sampioenvergiftiging opgedoen het is nou die smaakvolle en elegante Montagu-restaurant met 'n besonderse atmosfeer**





Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792



tektuur en met die hand uitgesoekte meubels, kunswerke, toebehore en versierings is misgekyk nie. Die tuin met sy rooibeuk- en magnoliabome, poue en houtbruggies is 'n groot aantreklikheid.

Die 27-putjie-gholfbaan is deur Gary Player ontwerp en volg die natuurlike ligging van die terrein. Reuse-eikebome omsoom die skoonveld, terwyl stroompies en waterpoele natuurlike hindernisse skep. Die luukse-klubhuis nestel teen 'n heuwel by die 19de putjie. Ander geriewe is die sentrum vir sport, skoonheid en gesondheid, die ruitersentrum, tennis- en muurbalbane, en gewone en verhitte binnenshuise swembaddens. Fancourt het ook sy eie strandhuis by die Wildernis wat tot sy gaste se beskikking is.

Afgesien van die hotel is akkommodasie aan die skoonveldsome beskikbaar in superweelderige herehuise, deelhuise en gesinshuise wat wissel in prys van R178 000 tot R1,2 miljoen. Dit is veral oor hierdie gedeelte van die projek – 'n nuwigheid vir Suid-Afrika – dat die ontwikkelaars baie opgewonde is. Die huise is almal in post-moderne styl met 'n sterk Victoriaanse inslag wat perfek by die omgewing pas.


Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792



# Mountain Shadows

**Foto's: Ruby van Coller**

DIÉ landgoed is midde in die wingerdlande van die Klein Drakensteinvallei naby die Paarl in die Boland geleë. Basie en Sandra Maartens is die eienaars en hulle sorg dat hul gaste die gasvryheid en grasie van die ou-Kaapse landgoed-herehuise ervaar.

Gaste gaan tuis in die Kaaps-Hollandse opstal – wat tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar is – of in die jonkershuis. Dr Emile du Toit het die opstal en oorblywende gedeelte van die grond in 1959 gekoop en in medewerking met George Osler, 'n deskundige van Stellenbosch, die vervalle huis gerestoureer.

Die landgoed is in 1979 deur Basie Maartens gekoop. Na restourasie van die jonkershuis en volledige opknapping van die interieur van die opstal, is Mountain Shadows in 1982 vir besoekers oopgestel. Die ou kelders is ook gerestoureer en in slaapkamers verander.

So gewild is die tuisgaanplek by veral buitelandse gaste, dat reünies gereeld daar plaasvind. Om die soliede stinkhouteetkamertafel, gedek met silwer en kristal, word vriendskappe tussen wildvreemdes gesmee wat later in die voorkamer oor 'n glasie 20 jaar oue brandewyn of nog ouer port uit die massiewe kersiehoutkabinet, beklink word.

Sandra het die binnenshuise versiering in eg Kaaps-Hollandse styl behartig. Groot koperpotte vol vars rose pryk oral op tafels van inheemse houtsoorte. Delft-porselein en silwer versier ouderwetse muurkaste en skilderye van Adriaan Boshoff en Keith Joubert hang teen die mure. 'n Antieke muurhorlosie kondig rustig die tyd aan. Die vensters met hul ou houtskuiframe en breë vensterbanke bied 'n uitsig op die stokou akkerbome waar koerende tortelduiwe die prentjie voltooi.

Basie en Sandra se onderneming is veral daarop gemik om oorsese kliënte die kans te bied om Suid-Afrika en sy mense nader te leer ken in 'n intieme atmosfeer. Verskeie besigtigingstoere en jagsafari's word dan ook vir besoekers gereël.



Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792





△ **In die hartjie van die Bolandse wingerdkontrei lê Mountain Shadows, gebou in 1823**



△ **In die sitkamer van die landgoedhuis op Mountain Shadows kan gaste in die tradisie van ou-Kaapse gasvryheid ontspan**

◁ **Om die soliede stinkhouttafel in die eetkamer smee Britse en Duitse gaste vriendskapsbande. Links is die gasvrou, Sandra Maartens, en staande is Basie Maartens, eienaar van Mountain Shadows**


Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792



# Lindbergh Lodge

**Foto's: Lindbergh Safaris**

GEEN mens wat deur Wes-Transvaal reis sal vermoed dat daar in die plat, barre omgewing van Wolmaransstad 'n hawe van koelte en rustigheid wag waar jy in luukse omstandighede kan ontspan nie. Lindbergh Lodge herinner sterk aan die atmosfeer van die filmtreffer *Out of Africa* – waar Afrika se uitgestrekte bos- en grasveld binnenshuis afgewissel word met knus, Brits-koloniale elegansie en warmte.

Die plaas Vaalboschfontein is in 1907 deur die bekende Johannesburgse sakeman Albert Victor Lindbergh as naweekrusplek gekoop. Sy ouers was van Sweedse en Walliese afkoms en hy was onder meer een van die stigters en later besturende direkteur van die Sentrale Nuusagentskap (CNA), asook voorsitter van die direksies van die *Rand Daily Mail* en die *Sunday Times Syndicate*. As geesdriftige sportman was hy ook van 1930 tot 1939 president van die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Britse Rykspele-vereniging, lid van die Internasionale Olimpiese Komitee en voorsitter van die Johannesburg Turf Club.

Uit sy huwelik met Gladys, dogter van die vooraanstaande Fred St Leger, is twee seuns en 'n dogter gebore. Van 1953 af het een van die seuns, Michael (Mick), en sy vrou Roz die plaas geleidelik tot een van die beste wildplase in Wes-Transvaal ontwikkel. Mick was in hierdie opsig sy tyd vooruit deur te besef dat wildboerdery groot potensiaal inhou. Hy het wild wat voorheen inheems in die streek was hervestig, waaronder groot troppe springbokke, gemsbokke, blesbokke, rooihartbeeste en swartwildebeeste. Swartwitpense het ook hul verskyning gemaak. In 1984 het hy 'n toekenning vir sy bewaringsgesindheid gekry.

Die ou jaghuis is gaandeweg verander in 'n aantreklike opstal wat bestaan uit 'n groep aaneengeskakelde grasdakgeboue met koel, grof gepleisterde dik wit mure. Sedert haar man se dood het Roz en haar kinders, Sharon, Shaun en Diana, besluit om die atmosfeer van Lindbergh Lodge met toeriste te deel. Die stalle wat vroeër die kinders se ponies gehuisves het, is in luukse slaapkamers omgebou en meubels, skilderye en versierings is met sorg aangekoop sodat elke kamer anders daar uitsien. Massiewe ou peperbome en doringbome verskaf koelte om die geboue.

Die gastesitkamer is 'n gesellige vertrek met dik mure, afgewerk met 'n donker roesbruin mengsel van klei en mis soos in tradisionele hutte in die omgewing, wat besonder goed met die binneversiering saamsmelt. 'n Reuse-kaggelvuur verskaf warmte op reënerige dae. Die eetkamer is nog 'n verrassing met Spaanse erfstukmeubels en die sjarmante Victor Lindbergh wat uit sy portretraam 'n ogie oor sake hou.


Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792



◁◁ **Lindbergh Lodge naby Wolmaransstad in Wes-Transvaal**

◁ **Engelse elegansie en Spaanse erfstukmeubels in die hartjie van die bosveld. Bo die kaggel pryk 'n portret van die bekende Victor Lindbergh, die oorspronklike eienaar van die plaas**

Wye vensters met ingeboude sitplekke bied 'n uitsig op 'n groot waterpan vlakby die opstal waar die wild kom water drink en 'n menigte watervoëls tuis is.

Volg 'n mens op 'n mooi aand die stormlampbeligte paadjie na die kraalheining of lapa, kan jy verseker wees van 'n yslike bosveldvuur en 'n gastronomiese fees. Roz Lindbergh se geregte soos springbokpatee, tuisgebakte brood met plaasbotter en wildsbraad is watertandlekker.

Afgesien van die gewone manier om wild te besigtig – per vierwielaangedrewe voertuig, te voet, of te perd – reël die Lindberghs graag vir hul gaste 'n rit in 'n warmlugballon saam met die bekende Bill Harrop. Dit is 'n besonderse ervaring om deur die lug te sweef en na die kletterende hoewe van diertroppe daar onder te luister.

Gekamoefleerde jagtershutte in die veld verskaf ook akkommodasie. Dit is nie aldag dat 'n mens op jou bed kan lê en die wild beloer nie. 'n Skemerkelkuitstappie na die flaminkpan of 'n besoek aan die diamantdelwery op die plaas bied verdere afleiding. □



△ **In die lapa op Vaalboschfontein kan die egte bosveldatmosfeer saam met die Lindbergh-gesin as gashere geniet word**

---

• Navrae oor luukse plattelandse verblyf kan gerig word aan: Portfolio of Country Places, Posbus 52350, Saxonwold 2132 (tel (011) 880-3414) of Captour, Posbus 863, Kaapstad 8000 (tel (021) 253320).

---


Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792

# FOKUS OP NATUURLEWE

Artikel: Daleen Zaaiman
Uitleg: Alan Ainslie



***African Hoopoe***
**Hein von Horsten**


WAT in 1981 begin is met die oogmerk om foto's van topgehalte vir Agfa Foto (Edms) Bpk se kalender te vind, het spoedig ontwikkel tot dié onderneming se gereelde wedstryd vir natuurlewefotograwe.

Bewaring geniet al hoe meer aandag wêreldwyd. Ook in Suider-Afrika is daar groeiende kommer oor die agteruitgang van die omgewing. Die Agfa-maatskappy gebruik nou hierdie wedstryd om die publiek meer bewus te maak van die noodsaaklikheid om die omgewing en ryk natuurlewe vir die nageslag te bewaar. Dit het 'n saak van dringendheid geword om die natuurlike hulpbronne te bewaar en bedreigde dier- en plantspesies van uitwissing te red.

Natuurlewefotograwe van oral in Suider-Afrika ding jaarliks in die wedstryd mee. Selfs




Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792





*Hippo Yawn*
**Jack Weinberg**

*Lion dragging Carcass*
**Barrie Wilkens**





Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792



***Gambolling Gemsbok***
**Rob Nunnington**

fotograwe van die VSA, Duitsland en Brittanje het al deelgeneem. Die beoordelaars vir 1990 was Daphne Carew, 1989 se wenner; dr Gus Mills van die Nasionale Parkeraad; en Lorna Stanton, senior fotograaf van die Nasionale Parkeraad.

Met sy foto van 'n nonnetjiesuil se nagtelike vangs getiteld *Wings-Sup* het Joe Brooks van Somerset-Wes die eerste prys gewen. Dit het hom R10 000 in die sak gebring. Rob Nunnington het met *Gambolling Gemsbok* die tweede prys van R5 000 verower. Die derde prys is aan Jack Weinberg toegeken vir sy foto *Hippo Yawn*.

Die wenners is op 19 September 1990 by die Transvaal-museum in Pretoria aangekondig. Daarna is die drie wenfoto's saam met verskeie ander uit die sowat 1 500 inskrywings in Pretoria, Johannesburg, Port Elizabeth, Kaapstad en Durban ten toon gestel. □




Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792





*Hippo Yawn*
**Jack Weinberg**

*Lion dragging Carcass*
**Barrie Wilkens**





Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792

# FOKUS OP NATUURLEWE

**Artikel: Daleen Zaaiman**
**Uitleg: Alan Ainslie**



***African Hoopoe***
**Hein von Horsten**

WAT in 1981 begin is met die oogmerk om foto's van topgehalte vir Agfa Foto (Edms) Bpk se kalender te vind, het spoedig ontwikkel tot dié onderneming se gereelde wedstryd vir natuurlewefotograwe.

Bewaring geniet al hoe meer aandag wêreldwyd. Ook in Suider-Afrika is daar groeiende kommer oor die agteruitgang van die omgewing. Die Agfa-maatskappy gebruik nou hierdie wedstryd om die publiek meer bewus te maak van die noodsaaklikheid om die omgewing en ryk natuurlewe vir die nageslag te bewaar. Dit het 'n saak van dringendheid geword om die natuurlike hulpbronne te bewaar en bedreigde dier- en plantspesies van uitwissing te red.

Natuurlewefotograwe van oral in Suider-Afrika ding jaarliks in die wedstryd mee. Selfs




Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792





*Hippo Yawn*
**Jack Weinberg**

*Lion dragging Carcass*
**Barrie Wilkens**





Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792



*Gambolling Gemsbok*
**Rob Nunnington**

fotograwe van die VSA, Duitsland en Brittanje het al deelgeneem. Die beoordelaars vir 1990 was Daphne Carew, 1989 se wenner; dr Gus Mills van die Nasionale Parkeraad; en Lorna Stanton, senior fotograaf van die Nasionale Parkeraad.

Met sy foto van 'n nonnetjiesuil se nagtelike vangs getiteld *Wings-Sup* het Joe Brooks van Somerset-Wes die eerste prys gewen. Dit het hom R10 000 in die sak gebring. Rob Nunnington het met *Gambolling Gemsbok* die tweede prys van R5 000 verower. Die derde prys is aan Jack Weinberg toegeken vir sy foto *Hippo Yawn*.

Die wenners is op 19 September 1990 by die Transvaal-museum in Pretoria aangekondig. Daarna is die drie wenfoto's saam met verskeie ander uit die sowat 1 500 inskrywings in Pretoria, Johannesburg, Port Elizabeth, Kaapstad en Durban ten toon gestel. □



Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792





*Wings-Sup*
**Joe Brooks**

*Thirsty Twilight*
**Prof At Ligthelm**





Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792



# SKEPPENDE SIMBIOSE

**Naby die klein Natalse dorpie Winterton vorm die skilderagtige Drakensberge 'n inspirerende agtergrond vir 'n suksesvolle kunsvennootskap**

**Artikel: Lynette van Hoven**
**Foto's: Robert Marneweck, Stuart Semple**
**Uitleg: Mariska Botha**

IN hul ateljee op die plaas Ardmore, afgesluit van die groter kunswêreld, skep Fée Halsted Berning en Bonnie Ntshalintshali werke gebore uit interaksie wat kultuurgrense laat wegsmelt. Die twee is die trotse 1990-wenners van Standardbank se Jong Kunstenaarstoekenning wat verlede jaar vir die eerste keer aan twee kandidate gesamentlik toegewys is.

Bonnie en Fée werk reeds byna 'n dekade saam. Hoewel hul werk uiteenlopend is, is daar so 'n kreatiewe band tussen hulle – 'n wisselwerking van tegniese en skeppende vermoëns – dat die toekenning gesamentlik gedoen is. Hul verhaal is net so boeiend soos hul werk: Fée, die kreatiewe mentor, en Bonnie, die Zoeloevrou met onontginde talent, wie se paaie gekruis het.

◁ ***Geboorte van Christus*** **deur Bonnie is 120 cm hoog**



Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792



Fée het in die destydse Rhodesië, vandag Zimbabwe, grootgeword en 'n BA-graad in beeldende kuns asook 'n gevorderde diploma in keramiek aan die Universiteit van Natal verwerf. Met twee eenman-uitstallings agter die rug, het sy haar in 1986 op Ardmore gevestig.

Fée het toe vir Bonnie, een van haar man James se werknemers, as handlanger in die ateljee betrek. Vir die Swart vrou, wat as kind polio opgedoen het, was dit 'n uitkoms om die vermoeiende werk op die land vir die ateljee te verruil. Fée het spoedig gemerk dat haar jong assistent 'n merkwaardige natuurlike talent het. Sonder enige kunsopleiding, -agtergrond of -ervaring het sy onder leiding van Fée reeds binne ses maande aan 'n uitstalling in Durban deelgeneem. Verrassende kleiwesens het in haar hande gestalte aangeneem. Fée wou haar nie ontmoedig deur ingewikkelde glasuurtegnieke nie en het haar eerder verf laat gebruik. Sy help Bonnie steeds met tegniese advies, maar laat haar begaan wanneer dit by styl, onderwerp en inhoud kom.

Uit hierdie alliansie is herhaaldelik sukses gebore. In 1985 is Fée se werk vir die Kaapstadse Triënnale gekies, en in 1988 word Bonnie insgelyks vereer. Ander gesogte pryse wat Fée ontvang het, is die Spesiale Prys van die Natalse Kunstrust in 1985, die Corona del Mar-prys vir jong kunstenaars in 1987 en 1988, en Corobrik se Tatham-prys in 1988. Bonnie is as gesamentlike wenner vir Corobrik se Nasionale Keramiekprys aangewys. Teen die tyd dat hulle die Standardbank-toekenning gekry het, het hulle gesamentlik aan nagenoeg 20 uitstallings deelgeneem.

△
**Fée Halsted Berning (links) en Bonnie Ntshalintshali, 1990-wenners van Standardbank se Jong Kunstenaarstoekenning by die Kunstefees in Grahamstad, waarheen hulle genooi is (foto: Ryno Cloete)**


Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792



◁ **Die antieke raam op die agtergrond het as inspirasie gedien vir die keramiekrame wat 'n integrerende deel van Fée se kunswerke uitmaak**

HOEWEL albei in keramiek werk, verskil hul tegnieke en ikonografie totaal. Fée se akademiese agtergrond en deeglike kennis van kunsgeskiedenis spreek uit haar outobiografiese panele. Haar eerste uitstalling getitel *Painted Clay* in Durban in 1985 het duidelik getoon dat sy 'n beeldestormer sou word. Haar wortels is in skilderwerk, maar terselfdertyd bekoor die basiese eienskappe van klei haar. Sy wil die tasbaarheid daarvan behou en dit nie deur glasuring wegsteek of vernietig nie. 'n Boeiende wisselwerking tussen ryk tekstuur en twee- en driedimensionele beelding is die gevolg. Grense tussen beeldhou-, skilder- en keramiekwerk word afgebreek.



Sy beskryf haar panele as 'reliëfskilderye' en die invloed van ou kulture soos dié van die Egiptenare en Grieke, asook kunstenaars van die Renaissance duik telkens op. Herin-



Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792



**Fée se *Portret van Bonnie* en *Portret van Fée* maak deel uit van 'n versameling van ses portrette**



**◁ Een van 'n groep van agt panele wat Fée *Weerkaatsings* noem**

neringe aan koloniale Afrika is in vroeëre werke met speelse spot weergegee. In haar jonger werke is daar 'n klemverskuiwing - die stemming is meer introspektief, en sy ondersoek haar eie geskiedenis, koloniale erfenis en plek in Afrika-konteks vandag.

Fetisje en ikone van Afrika is veral te sien in die swaar keramiekrame wat deel van die kunswerke vorm. Fragmente van gebroke, vroeëre kunswerke word soos argeologiese vondste bewaar en in mosaïek en collage in nuwe panele ingewerk. Tyd is vir haar nie staties nie, die verlede word in die hede ingewerk. Sy kies die regte inspirasie vir die regte oomblik uit tradisionele Afrikakuns en -maskers, jazz, kitsch, 'township'-kuns, Duchamp of Miro, Persiese miniature, mosaïek van Thessalonika, of selfs die vullishoop. Reise na Griekeland en Turkye het haar liefde vir ikone en siervloerteëls versterk, en die gevolg is 'n ryk en fassinerende mengsel van Afrika- en Oosterse kulture, dikwels met religieuse ondertone.

Haar werk het 'n volwassenheid bereik waarin die sy-aan-sy-werk


Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792



▷
**In *Die plaag* van Bonnie kruip sprinkane en paddas teen die voetstuk uit waarop drie gevangenes uitgebeeld is. Tog is daar geen teken van stryd of konflik nie**



◁
***Die laaste Avondmaal* deur Bonnie is 'n tipiese Zoeloefeesmaal, met poetoepap en suurpap op 'n tradisioneel gedekte tafel**



Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792




met Bonnie 'n rol gespeel het. Sy het by Bonnie geleer om kuns ter wille van die kuns te beoefen. Tog het die Standardbank-toekenning haar geïnspireer om werk van hoë gehalte te lewer, en wil sy nou ruimte vir haarself skep om te eksperimenteer met nuwe idees. In Mei vanjaar stal sy in Basel, Switserland, uit.

Bonnie se werk is heeltemal teenstellend. Sy skep eksotiese figure, dikwels opeengestapel in kandelabers, met sterk patrone en helder, vitale kleure. Elke figuur word noukeurig en liefderyk in fyn besonderhede geverf, en die helder kleure laat die werk lewe en dra by tot 'n vars en vreugdevolle siening van die mensdom. Figure en gebeurtenisse uit Bybelverhale strook met haar RoomsKatolieke agtergrond, gekleur deur haar persoonlike insig, vertolking en Zoeloe-herkoms. Mites, bygelowe en simboliek gekoppel aan diere en skepsels, en tradisionele legendes kleur haar siening verder.

Sy put ook inspirasie uit die waarneming van plaasdiere, Duitse graveerkuns en die geïllustreerde Kinderbybel. Hieruit ontstaan 'n fassinerende mengsel wat herinner aan Egiptiese en Indiese kuns.

BONNIE en Fée se werk pryk in talle kunsgalerye en private versamelings. Hul nuwe ateljee op Ardmore is in Desember verlede jaar geopen, en vakansiegangers by die Drakensbergse oorde besoek die twee kunstenaars voortdurend.

Die ryk erfenis van 'n koloniale agtergrond en Westerse kunskultuur, vermeng met Afrika-tradisie en -inkleding, is deur medium van keramiek en die eiesoortige skeppingskrag van dié twee kunstenaars tot dinamiese visuele uitdrukking omgetower. □

△
**By die nuwe ateljee op die plaas Ardmore rond Bonnie 'n selfportret af**



Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792

# Rosestad vier fees

**Elke jaar in die lente, wanneer die belofte van nog 'n somer op die horison aanbreek, is Bloemfontein, die Rosestad, in blommeprag en feestelike vreugde getooi**

**Artikel: Mark Botha**

**Foto's: Gerard Turnley Uitleg: Maggie Tyler**



DIT het 'n tradisie by Bloemfonteiners geword om die koms van die somer met die jaarlikse Roosfees te vier. Dan is straatkarnavalle, tuinpartye, modevertonings en allerlei ander vermaak aan die orde van die dag, te midde van 'n blomme-oordaad wat die stad omskep in 'n kleureskouspel op die kaal Vrystaatse vlaktes.

Die Bloemfonteinse Roosfees, wat as die beste van sy soort aangeprys is deur 'n voormalige bestuurder van die Wêreldroosvereniging, is die eerste keer in 1977 gehou toe mnr Job Pretorius, bestuurder van 'n inkoopsentrum in die stad en *Die Volksblad,* 'n plaaslike koerant, voorgestel het dat Bloemfontein se blommerykdom paslik gevier en plaaslike liefdadigheidsorganisasies terselfdertyd ondersteun word. Die fees is nou 'n jaarlikse instelling wat deur duisende mense bygewoon word.

Jaarliks word honderde bykomende roosbome langs die strate en in die parke deur die stadsraad aangeplant. Private tuine word liefderyk versorg en wanneer die feestyd aanbreek, is Suid-Afrika se regsprekende hoofstad ryklik getooi.


Benewens 'n formele kompetisie vir rooskwekers en tuiniers, bied die fees vermaak aan 'n ieder en elk. Sowat tien dae lank kan Bloemfonteiners kies en keur uit 'n feestelike spyskaart – van 'n piekniek vir die hele gesin, allerlei sportbyeenkomste en swierige sosiale funksies tot teater- en musiekopvoerings.



DANKSY sy ligging is Bloemfontein binne gerieflike bereik van die land se vernaamste sentrums. Die Vrystaatse hoofstad brei vinnig uit, met moderne inkoop-



Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792





△ **Oliewenhuis-kunsmuseum se roostuin in volle blom. Oorspronklik was dié gebou die ampswoning van die goewerneur-generaal en later van die staatspresident. Die voormalige staatspresident, mnr PW Botha, het die pragtige landgoed op 19 Julie 1985 aan die Nasionale Museum van Bloemfontein oorhandig**

◁ **Die mooiste roos van almal: die fraaie Monique van der Linde, wat as Mej Roosknoppie gekroon is, het menige hart op verlede jaar se Roosfees verower**

◁◁ **Die statige gebou van die Appèlhof in President Brandstraat. Die helm van Geloof en die fakkels van Waarheid pryk bokant die hoofingang en bokant die sy-ingang is die borsbeelde van Jupiter en Minerva uit sandsteen gehou**

Digitized by the University of

sentrums en hoë toringblokke in skel kontras met die statige argitektuur uit die vorige eeu.

Die geskiedenis van Bloemfontein gaan so ver terug as die Groot Trek toe die 19de-eeuse baanbrekers die Republiek van Winburg gestig en hul eenvoudige hartbeeshuisies op die kaal vlaktes opgerig het. Na 'n uitgerekte stryd tussen Boer en Brit is die onafhanklikheid van die Republiek van die Oranje-Vrystaat in 1854 amptelik erken.

Nadat die Unie van Suid-Afrika in 1910 tot stand gekom het, moes die Appèlhof sy sittings vir bykans twee dekades in Bloemfontein se Wetgewende Raadsaal hou voordat die nuwe statige hofgebou by die ander argitektoniese meesterstukke in President Brandstraat gevoeg kon word.

Die Vrystaat is bekend vir sy sandsteengeboue wat meesal uit die vorige eeu dateer. Bloemfontein is ook ryklik bedeel met sierlike voorbeelde van sandsteenargitektuur en talle ander monumente en plekke van kultuurhistoriese betekenis.

President Brandstraat is waarskynlik die beste voorbeeld van die hoofstad se kultuurhistoriese erfenis. Die straat is vernoem na Johannes Henricus Brand, vierde Vrystaatse president, en is die enigste straat in Suid-Afrika wat in sy geheel tot 'n nasionale gedenkwaardigheid verklaar is. Wanneer mens op die skaduryke sypaadjies stap, voel dit eerder asof jy op 'n geskiedkundige uitstappie is in plaas daarvan dat jy jou weg deur 'n besige straat probeer vind.

Een van die oudste geboue langs hierdie geskiedkundige straat is die Presidensie, die statige ampswoning van die Vrystaat se laaste drie presidente, wat op die perseel van die nederige woning van die oorspronklike eienaar van die plaas, Bloemfontein, verrys het.

Oorkant een van die land se mooiste brandweerstasies wat uit 1933 dateer, staan die manjifieke Hooggeregshofgebou, wat deur die maatskappy Hawke en McKinlay volgens Eduardiaanse styl ontwerp is en in 1906 teen 'n koste van 50 000 pond voltooi is.

Ander geboue in dié straat is die Jubileumsaal, wat eens as sinodale hoofkantoor van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Vrystaat gedien het; die Ou Goewermentsgebou wat in 1875 opgerig is en tans die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum huisves; die Vierde Raadsaal en die Appèlhof.

Die moderne geboue wat hoog bokant hierdie historiese vestings uittroon, is stilswyende getuies dat die Rosestad ook 'n stad van vooruitgang is. □





Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792

sentrums en hoë toringblokke in skel kontras met die statige argitektuur uit die vorige eeu.

Die geskiedenis van Bloemfontein gaan so ver terug as die Groot Trek toe die 19de-eeuse baanbrekers die Republiek van Winburg gestig en hul eenvoudige hartbeeshuisies op die kaal vlaktes opgerig het. Na 'n uitgerekte stryd tussen Boer en Brit is die onafhanklikheid van die Republiek van die Oranje-Vrystaat in 1854 amptelik erken.

Nadat die Unie van Suid-Afrika in 1910 tot stand gekom het, moes die Appèlhof sy sittings vir bykans twee dekades in Bloemfontein se Wetgewende Raadsaal hou voordat die nuwe statige hofgebou by die ander argitektoniese meesterstukke in President Brandstraat gevoeg kon word.

Die Vrystaat is bekend vir sy sandsteengeboue wat meesal uit die vorige eeu dateer. Bloemfontein is ook ryklik bedeel met sierlike voorbeelde van sandsteenargitektuur en talle ander monumente en plekke van kultuurhistoriese betekenis.

President Brandstraat is waarskynlik die beste voorbeeld van die hoofstad se kultuurhistoriese erfenis. Die straat is vernoem na Johannes Henricus Brand, vierde Vrystaatse president, en is die enigste straat in Suid-Afrika wat in sy geheel tot 'n nasionale gedenkwaardigheid verklaar is. Wanneer mens op die skaduryke sypaadjies stap, voel dit eerder asof jy op 'n geskiedkundige uitstappie is in plaas daarvan dat jy jou weg deur 'n besige straat probeer vind.

Een van die oudste geboue langs hierdie geskiedkundige straat is die Presidensie, die statige ampswoning van die Vrystaat se laaste drie presidente, wat op die perseel van die nederige woning van die oorspronklike eienaar van die plaas, Bloemfontein, verrys het.

Oorkant een van die land se mooiste brandweerstasies wat uit 1933 dateer, staan die manjifieke Hooggeregshofgebou, wat deur die maatskappy Hawke en McKinlay volgens Eduardiaanse styl ontwerp is en in 1906 teen 'n koste van 50 000 pond voltooi is.

Ander geboue in dié straat is die Jubileumsaal, wat eens as sinodale hoofkantoor van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Vrystaat gedien het; die Ou Goewermentsgebou wat in 1875 opgerig is en tans die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum huisves; die Vierde Raadsaal en die Appèlhof.

Die moderne geboue wat hoog bokant hierdie historiese vestings uittroon, is stilswyende getuies dat die Rosestad ook 'n stad van vooruitgang is. □






Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792





◁ Die hoeksteen van die Bloemfonteinse stadsaal is in 1934 deur prins George van Groot Brittanje gelê. Die gebou is ontwerp deur ene Gordon Leith, 'n werknemer van sir Herbert Baker



△ Die Vierde Raadsaal, bekend as die 'argitektoniese juweel van die Vrystaat', is in 1893 as die Volksraad se vergadersaal opgerig en het die kantoor van die president, die voorsitter van die Volksraad en die regeringsekretaris gehuisves

◁ Die Ou Presidensie in President Brandstraat het as ampswoning van die Vrystaat se laaste drie presidente gedien

Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792



Vier sleepbote wat deur Dorbyl Marine in Durban vervaardig is vir gebruik deur Transnet (vervoerdienste)

# Dorbyl-ingenieursreus



Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792



**Artikel: Dawie Boshoff**
**Foto's: Dorbyl Beperk**
**Uitleg: Peggy Serwas**

TOE die Staatspresident, mnr F W de Klerk, verlede jaar die projek vir naatlose staalbuise by die Vereeniging-werke van Dorbyl se filiaal, Tosa, amptelik geopen het, is die aandag opnuut gevestig op die omvattende, veelsydige werksaamhede van Dorbyl Beperk, een van die grootste metaalingenieursmaatskappye in die Suidelike Halfrond.


Tosa vervaardig die grootste verskeidenheid pype in die land en het sedert sy ontstaan in 1928 letterlik miljoene ton staalpyp aan Suid-Afrikaanse handels-, nywerheids- en mynboumaatskappye gelewer.

Die oprigting van die nuwe walswerk het R90 miljoen gekos. Dit behoort aan en word bedryf deur Tosa Seamless Tubes, 'n gesamentlike onderneming van Dorbyl (wat 'n belang van 60 persent het) en Yskor (40 persent). Hierdie aanleg sal Tosa se produksievermoë van naatlose pype van 22 000 tot 60 000 ton per jaar opstoot. Die produkte sal invoervervanging in die mynbou- en petrochemiese bedryf meebring en jaarliks minstens R50 miljoen aan buitelandse valuta bespaar.

Dorbyl Beperk bied 'n wye verskeidenheid dienste aan – van windpompe vir die dorre Kalahari-woestyn tot moderne voorstedelike treine.

Die groep het grootskaalse be-

# Dorbyl se swaar- en ligte ingenieurswerke hou die land se wiele aan die rol



**Mnr Dawid Mostert, bestuurshoof van Dorbyl**



Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792

lange in die ingenieursbedryf. Sy bedrywighede sluit in: swaaringenieurswerk; algemene vervaardiging; skeepsbou en -herstelwerk; struktuur-staalkonstruksie; vervaardiging van rollende materiaal, lokomotiewe en selfbewegende onderdele; bus- en handelsvoertuigbakbouwerk; die oprigting en installering van toerusting; die vervaardiging en verspreiding van gesweiste en naatlose staalpype, sentrifugale pompe, windpompe, kleppe, diesel- en petrolenjins, pypverbindings en -koppelstukke, smeebare en SG- (relatiewe digtheid) gietstukke, en lugversorgings- en verkoelingstoerusting. Die groep behartig ook 'n staalhandelsaak en verwerk rolstaalprodukte tot staalplaat.

Uit die voorgaande is dit duidelik dat Dorbyl in die meeste van Suid-Afrika se behoeftes aan ingenieurswerk kan voorsien. Die groep se handelsbedrywighede word deur nege hooffiliale en -afdelings behartig. Hy het 'n totale omset van meer as R2,8 miljard en verskaf werkgeleenthede aan meer as 21 000 mense.

Dorbyl het oor die jare heen deur bestendige groei, oornames, samesmeltings en die rasionalisering van sy bedryfsaktiwiteite, tot 'n groot krag in die meganiese ingenieursbedryf ontwikkel. Verskeie maatskappye van historiese belang het in die proses 'n rol gespeel: Dorman Long (Africa), Vanderbijl-ingenieurswerkkorporasie (Vikor), Rubery Owen, Alpheus Williams and Dowse, The Union Construction Company, Broderick-ingenieurswerke, Irvine Chapman en Kie., Steel Wheel and Axle, en Bus Bodies.

Meer onlangs is maatskappye soos Barlows Heavy Engineering, Barlows Railway and Engineering Products en HLH Steel Holdings verkry. Die samesmelting met die Stewarts & Lloyds-maatskappyegroep is die belangrikste onlangse gebeurtenis.

DIE Dorbylgroep het 'n interessante geskiedenis. Gedurende die Anglo-Boereoorlog aan die begin van die eeu is Suid-

**'n Gegote en gemasjineerde turbinekomponent vir die Kendal-kragsentrale in Oos-Transvaal, wat deur Dorbyl se Broderick-werke vervaardig is**








**Motorwiele word in die Guestro-aanleg in Port Elizabeth vervaardig vir plaaslike en uitvoergebruik**



Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792








**Die heliport word in posisie geplaas op die Mossgas-akkommodasie-module. Die hele eenheid is deur Dorbyl Shipbuilders in Durban gebou**

**Dorbyl se elektriese 7E-lokomotief wat deur Transnet gebruik word om steenkool na Richardsbaai in Natal te vervoer**


Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792

Afrika se fabriekswese tot stilstand geruk. Eduard VII, koning van Engeland, het 'n beroep gedoen op manne met visie en deursettingsvermoë om na Suid-Afrika te kom en met die heropbou van die land te help. 'n Walliese meganiese ingenieur, Arthur Dorman, grondlegger van die groep Dorman Long, was een van hulle.

In 1920 het generaal Jan Smuts, die destydse eerste minister van die Unie van Suid-Afrika, 'n briljante jong wetenskaplike, Hendrik Johannes van der Bijl, gevra om terug te keer uit die VSA en die pos van tegniese adviseur van die Suid-Afrikaanse regering te aanvaar. Hendrik van der Bijl het die dryfkrag geword om Eskom en Yskor te stig.

In 1945, ná die Tweede Wêreldoorlog, was Hendrik van der Bijl weer aan die voorpunt. Hy stig Vikor, 'n openbare maatskappy wat moes voldoen aan die snel groeiende vereistes van swaaringenieurswerk.


In 1973 het Dorman Long en Vikor saamgesmelt en nuwe uitdagings aangepak. Hul nuwe naam 'Dorbyl' is in 1979 op die Johannesburgse Effektebeurs geregistreer. In die jare tagtig is Stewarts & Lloyds en Afgate by die groep ingelyf en die vergrote groep word nou dwarsdeur Suid-




**Toeriste reis gerieflik in die luukse-langafstandbusse wat deur die Busaf-aanleg in Port Elizabeth gebou word en aan die strengste internasionale standaarde voldoen**




**Met Funkey-lokomotiewe, vervaardig deur Dorbyl, word duisende ondergrondse treine daagliks in die myne aangedryf**



**'n Hoëdrukklep vervaardig in Dorbyl se**




Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792



**Veeldoelige dieselenjins word in Dorbyl se Salister-aanleg in Vereeniging gemonteer vir verspreiding in Suid-Afrika en na etlike Afrikalande**





**swaaringenieursgietery en masjienwerkwinkel in Vereeniging**

Afrika op meer as 120 plekke verteenwoordig.

DORBYL lewer 'n aansienlike bydrae tot Suid-Afrika se yster-, staal- en verwante nywerhede. Suid-Afrika beskik oor 'n oorvloed van minerale. Om dit te help benut, is 'n elektriese induksieoond van 1 500 ton, een van die grootstes ter wêreld, byvoorbeeld vir Yskor se Newcastle-werke gebou.

Die groep lewer 'n waardevolle internasionale diens om skepe in sy verskillende skeepswerwe te herstel. Dorbyl Marine het al 75 vaartuie van verskillende tipes en groottes gebou. Van die vaartuie was diepsee- en hawesleepbote, voorraad- en diensskepe, 'n seevissery-navorsingsboot, asook houerskepe en verskeie soorte treilers. Baggerbote is ook vir die instandhouding van hawens en vir mynbou gebou.

Belangrike bestellings is vir die Mossgas-projek (die ontginning van gas en olie) by Mosselbaai in die Kaap verkry, wat gelei het tot puik dienslewering deur Dorbyl Heavy Engineering en Dorbyl Marine se afdelings vir swaar masjinerie en kontrakwerk.

Dorbyl Heavy Engineering het die kontrak gekry om 24 heipale, met 'n totale massa van nie minder nie as 12 000 ton, vir die Mossgas-projek te vervaardig. Die heipale, uit staalplaat met 'n dikte van 63 mm, wat elk 2 m in deursnee en 144,5 m lank is, dien as fondasie- en ankerpale om die olietoring stewig op die seebodem te anker. Dorbyl Shipbuilders het die akkommodasiemodule vir die toring gebou, wat die gelyke is van 'n hotel van vier verdiepings en 105 mense kan huisves. 'n Heliport is ook gebou wat bo-op die dak kom. Die modulesteunraam, wat so groot soos twee rugbyvelde is en wat uiteindelik bo-op die toring opgerig gaan word om die onderskeie modules te huisves, is ook deur Dorbyl in Durban gebou.


Meer as 40 miljoen ton steenkool word jaarliks na internasionale markte uitgevoer en verdien meer as R2 miljard aan buitelandse valuta. Om dít moontlik te maak, het Dorbyl die kragtige 7E-lokomotiewe gebou


Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792






Pres F W de Klerk saam met Dorbyl se voorsitter, mnr F P Kotzee (links), by die amptelike opening van Tosa se projek vir naatlose staalbuise



Suid-Afrikaans ontwerpte mynhystoerusting word sowel plaaslik as in die buiteland gebruik



Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792



**Dorbyl het akkuraat vervaardigde nodes vir die oprigting van die Mossgas-platform by Saldanha verskaf**

wat vrag van tot 20 000 ton kan trek – treine wat meer as 2 km lank is.

Suid-Afrika het die meeste motorvoertuie in Afrika en bykans 25 miljoen voertuie reis daagliks op die land se paaie. Dorbyl verskaf 'n wye reeks onderdele om in die behoeftes van die motorvoertuigbedryf te voorsien. By Port Elizabeth, Rosslyn en Heidelberg word honderde duisende wiele jaarliks vervaardig, wat aan die hoë standaarde van nasionale en internasionale markte voldoen. Sowat 70 persent van alle busse op Suid-Afrika se paaie word gebou deur Busaf, 'n maatskappy van Dorbyl.

Suid-Afrika het van die grootste bekende reserwes goud, chroom, platina, vanadium, mangaan, steenkool, uraan, ystererts en baie ander minerale. Die mynbedryf verskaf werk aan byna 'n miljoen mense. Dorbyl het mynhysers, skagtorings en meulens ontwerp en gebou sodat Suid-Afrika se mineraalrykdom ontgin en verwerk kan word.

Op internasionale gebied het Dorbyl in die laaste klompie jare sy uitvoer aansienlik uitgebrei sodat hy tans na meer as 40 lande wêreldwyd uitvoer. Volgens mnr Dawid Mostert, groep-uitvoerende bestuurshoof, is dit die maatskappy se oogmerk om sy uitvoer met 50 persent in die nabye toekoms op te stoot.



**Tosa se nuwe walswerk in Vereeniging wat sy produksievermoë van naatlose pype van 22 000 tot 60 000 ton per jaar sal opstoot**

MET die opening van Tosa se aanleg vir naatlose pype het pres De Klerk gesê daar is duidelike tekens dat 'n wêreldwye proses van herstrukturering op die gebied van die handel en nywerheid aan die gang is, 'n proses waarvan Suid-Afrika nie uitgesluit is nie. Gebeure elders in die wêreld het noodwendig 'n uitwerking op 'n belangrike handelsland soos Suid-Afrika.


'Die moeilike jare van Suid-Afrika se internasionale isolasie, die vyandiggesindheid, boikotte en sanksies is besig om plek te maak vir onderhandeling en groter samewerking. Oral open deure wat lank gesluit was en ontstaan daar nuwe geleenthede vir ons handel met tradisionele en nuwe vennote, ook in Afrika,' het mnr De Klerk gesê. □



Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792



◁ 'n Deel van die geboue

▷ Studente skryf eksamen in die kollegesaal. Die plafon, panele en vloere is van die hout van kommersieel verboude boomsoorte, naamlik den, bloekom en swarthout (foto: Saasveldse Skool vir Bosbou)





**Agtergrond:**

**Die Saasveldse Skool vir Bosbou aan die voet van die Outeniekwaberge. Die Georgedam lê regs**



Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792

# Nuwe status vir Saasveld

Die Saasveldse Skool vir Bosbou is geleë aan die voet van die majestueuse Outeniekwaberge, sowat 8 km van George in die Suid-Kaap

**Artikel: Diana Dannhauser**
**Foto's: Ryno Cloete**
**Uitleg: Mariska Botha**



◁ **Mnr Joh Scriba, direkteur van Saasveld**



Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792

SAASVELD se geskiedenis dateer uit 1912 toe hy met agt studente naby Kaapstad begin is en bekend gestaan het as die 'Tokai School for Forest Apprentices'. Weens die toenemende vraag na tegniese beamptes het die skool egter te klein geword en is daar besluit om 'n nuwe, groter kollege nader aan die hart van die bosboubedryf op te rig.

Die nuwe kollege is in 1932 in die Groenkopbosreservaat naby George gebou, op 'n stuk grond wat in 1928 deur die regering aangekoop is, en is toe Saasveld gedoop. Die naam Saasveld is die eerste keer in 1854 aan die oorspronklike plaas gegee deur barones Gesina van Reede van Oudtshoorn. Dit was die naam van haar familiekasteel in Overijssel, Nederland.

Hierdie skool – die enigste van sy soort in die land – het van 1932 tot 1985 onder die beheer van die destydse Departement van Bosbou gestaan en sowat 1 300 studente het hul diplomas daar verwerf.


In 1976 is opleiding in bosbou egter krities geëvalueer deur 'n kommissie wat deur die Bosbouraad en die Suid-Afrikaanse Instituut vir Bosbou geborg is. Die grootste nadeel van dié bedeling was dat die regering die meeste van die basiese diploma-opleiding verskaf het, met onvoldoende steun van die private bosboubedryf.

Die statistiek toon dat gemiddeld 35 studente per jaar tussen 1970 en 1985 opgelei is van wie 30 deur die staat gesteun is en slegs vyf deur die bedryf. Sowat 70 persent van die nagenoeg 1,2 miljoen hektaar plantasies in die land was egter in private besit, terwyl slegs sowat 30 persent aan die staat behoort het.

Nog 'n nadeel van die ou bedeling was dat geen voorsiening gemaak is vir verdere studie ná die basiese diploma nie. Die meeste gekwalifiseerde bosboukundiges is bestuurders van kommersiële plantasies, ander spesialiseer in bosbou of oestery, en ander bestuur bewaringsgebiede of spits hulle toe op aspekte soos navorsingstegnologie of mannekragbenutting. Daar was dus 'n behoefte aan 'n hoër diploma.

In die lig hiervan is die Saasveld-kollege vir Bosbouers in Januarie 1986 by Technikon Port Elizabeth ingelyf en tot die Saasveldse Skool vir Bosbou herdoop. Onder die nuwe bedeling is die kursus gerasionaliseer. Die bedryf lewer 'n belangrike bydrae deur sy advieskomitee van 18 lede, waarin die regering en die onafhanklike state en selfregerende gebiede ook verteenwoordig is.

Voornemende studente moet 'n streng keuringsproses deurloop waaronder 'n aanlegtoets. Slegs 50 studente kan jaarliks aanvaar word, hoewel tot 200 kandidate per jaar om toelating kan aansoek doen. Kandidate moet in besit wees van 'n matrieksertifikaat of gelykwaardige kwalifikasie, verkieslik met wiskunde as vak, en dit is wenslik dat hulle hul diensplig voltooi het. Daar word gesoek na gesonde, fikse, gebalanseerde manne met leiereienskappe en 'n belangstelling in die natuur.



▷ **'n Groep studente stel die dikte van saagstompe met 'n meetinstrument vas en bepaal die voorkoms van kwaste en ander eienskappe**





Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792



DIE nasionale diploma in bosbou strek oor drie jaar en bestaan uit vier akademiese semesters by Saasveld en twee praktiese semesters op 'n goedgekeurde boslandgoed.

In Januarie 1990 is 'n tweede driejaarkursus, die nasionale diploma in houtproduksie-ingenieurswese, ingestel. Dit voorsien die houtverwerkingsbedryf van mannekrag. Tans word 25 studente per jaar aanvaar en is die samestelling van die kursus soortgelyk aan dié van die bosboukursus.

Die studente is bevoorreg om die pragtigste dele van die land as hul laboratorium te hê. Dit is belangrik dat hulle tydens die praktiese deel van hul kursus kennis opdoen van gebiede wat soortgelyk is aan die wat hulle eendag gaan bestuur.

Die nasionale hoër diploma in bosbou wat met die nuwe bedeling ingestel is, verg 'n vierde jaar van studie en bied die studente 'n keuse van drie spesialisrigtings: bewaring, boskultuur en bostegnologie.

'n Vyfde studiejaar vir 'n meestersdiploma is ook goedgekeur, terwyl 'n sesde jaar vir die verkryging van 'n laureatus in bosboutegnologie in die vooruitsig gestel word.

Met die hoë standaard van opleiding en uitgebreide sport- en ontspanningsgeriewe bied die skool studente die geleentheid om gebalanseerd en gesond te ontwikkel. Oud-studente het reeds 'n belangrike bydrae gelewer tot die bestuur en bewaring van Suid-Afrika se kosbare inheemse woude, bergopvanggebiede en kommersiële boomplantasies. □





◁
**As deel van die vak landmeetkunde leer studente hoe om 'n tageometer te gebruik. Mnr Sarel Theron (middel) is 'n dosent by die skool. Op die agtergrond is Pampoenkraal, die oorspronklike plaashuis op die terrein wat uit die vorige eeu dateer. Dit is nou as biblioteek en laboratorium ingerig**

▷
**Twee studente bespreek die voorkoms van plantluise op jong dennebome by die boomkweekstasie**


Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792

# Skoolgaan in die veld





△
**Dit is die instrukteurs se hooftaak om die veiligheid van die kursusgangers te verseker. Kanovaart is groot pret, maar die dra van veiligheidsbaadjies is verpligtend**

Die veldskoolkursusse wat in die Golden Gate-hoogland Nasionale Park aangebied word, speel 'n belangrike rol in die inskerping van omgewingsbewustheid by die jeug

**Artikel: Francette le Roux**
**Foto's: Nelia Botha**
**Uitleg: Mariska Botha**


SKOOLGAAN was seker nog nooit so lekker en boonop leersaam ook soos op die Golden Gate-manier nie. Hier waar die uitgestrekte Vrystaatse grasvlaktes die voorheuwels en klowe van die Maluti- en Drakensberge ontmoet, word die klaskamerdeure wawyd oopgegooi om elke *Enviro*-kursusganger op 'n ontdekkingstog na die natuur se wonderwêreld te lei.

Omgewingsbewustheid het byna 'n modewoord geword en deesdae word baie aandag gegee aan die bekamping van omgewingsvraagstukke soos die vernietigende gevolge van besoedeling, oorbenutting van hulpbronne en die aftakeling van die natuur se ekosisteme.



Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792






△
**Die Brandwagrots met sy sandsteensuile hou wag oor die Golden Gate-hoogland Nasionale Park**

◁
**Een van die omgewingsopvoedkundiges, mev Sue Groenewald, verduidelik die belangrike rol van water en waterlewende organismes in die ekosisteem**


Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792





△ **Die ingang tot die Katedraalgrot met sy koepeldak waarin daar een aand gedurende die kursus oornag word. Die grot bied broeiplek en skuiling vir kalkoenibisse en kransduiwe. In die reënseisoen stort 'n waterval 60 m na benede uit die nou spleet in die koepel van die dak**

Tog kan dié bedreigings bloot net woorde of televisieflitse bly, tydelike kwessies wat gou vergete raak indien mens nie eerstehandse kennis daarvan het nie.

Die omgewingsopvoedkundige kursusse wat deur beamptes van die Nasionale Parkeraad in die Golden Gate-hooglandpark aangebied word, is juis daarop gemik om kinders en selfs volwassenes deur belewenis en ervaring beter toe te rus om dié vraagstukke van ons tyd die hoof te kan bied. Die kursusprogram sluit aan by die leerplanne wat in die skole aangebied word en klem word gelê op die belangrikheid van die bewaring van die omgewing.


Die idee het ontstaan uit 'n bergleierskapkursus wat vroeër jare in die omgewing aangebied is. Om 'n groter teikengroep te bereik, is



Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792



△
**By die weerstasie word die klimaat en weerpatrone in die Golden Gate-hooglandpark en omgewing verduidelik**



△
**Om in die rotspoele te plons is een van die genotvolle ervarings by die *Enviro*-kursus**

die *Enviro*-kursus ingestel en sedert 1979 het reeds meer as 30 000 kinders dit deurloop.

Gedurende die *Enviro*-week word daar elke dag aan 'n ander deel van die natuur aandag geskenk. Aanvanklik word die abiotiese of nie-lewende komponente behandel en word die kursusgangers teruggeneem na hoe die aarde miljoene jare gelede daar uitgesien het. Die Golden Gate-omgewing met sy kenmerkende ligeenbegroeide sandsteensuile, sy basalt-, dolomiet-, lawa- en kwartsietlae wat deur baie jare se aanslae van wind en weer ontbloot is, leen hom uitstekend tot die verduideliking van hierdie geskiedenis en die samestelling van die aardkorslae.

In aansluiting by die nie-lewende ekosisteme, word die lewende natuurverskynsels soos plante en diere ook behandel. Dit is egter nie bloot handboekkennis wat oorgedra word nie. Daar word ook geluister na die wind in die bome en die geluide van die verskillende soorte voëls. 'n Miernes word van nader bekyk, die soet geur van 'n vars geplukte grashalm ingeadem, die skurwe tekstuur van die rotsformasies en die kartelrande van verskillende soorte blare bevoel en van 'n koel bergstroom se water geproe.

Gaandeweg word al die onderafdelings van die natuur in verhouding tot mekaar geplaas sodat die sisteme en siklusse wat ons voortbestaan op aarde moontlik maak, 'n geheelbeeld vorm. Die rol van die mens in die natuur, sy invloed op die wêreld en die onskeibare interafhanklikheid van mens, dier en plantegroei word deurentyd beklemtoon. Saans is daar skyfievertonings en praatjies wat die taak van die Nasionale Parkeraad en die rol van Golden Gate in die bewaring van ons natuurerfenis toelig.

Die leerlinge gaan in gerieflike slaapsale tuis, behalwe een aand wanneer hulle in die Katedraalgrot oornag sodat hulle dié eeue-ou wonder van water en rots kan bewonder en beleef. Rotsklim en kanovaart word ook beproef en kaartleeswerk eerstehands in die veld ervaar. 'n Uitstappie tot bo-op die kruin van die Brandwagrots, 'n bekende baken in die gebied, sorg eweneens vir groot opwinding.

Hier ver van die stadsgewoel en alledaagse sleur, kry omgewingsbewustheid nuwe betekenis, word dit 'n werklikheid waarmee daagliks rekening gehou moet word. Hier word jong ambassadeurs vir die bewaring van ons natuurerfenis gekweek en op die Golden Gatelees geskoei. Voorwaar 'n kosbare belegging want kinders hou die sleutel tot 'n land se toekoms. □


Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792

# Versamelaar met styl

'Die ware versamelaar is kundig omtrent sy onderwerp en dit onderskei hom van die opgaarder - Mervyn Emms

VAN alles wat Mervyn Emms deur die jare bymekaargemaak het is sy nis sekerlik die kosbaarste. Hy deel dit geredelik en met oorgawe en dis duidelik dat sy kundigheid nie net uit sy duisende boeke kom nie, maar veel eerder spruit uit sy toewyding aan en betrokkenheid by al sy skatte. Hy ken hulle soos 'n ouer sy kinders.



**△ 'n Kabinet met Chinese snuifbottels in oorlegglas, rooskwarts, aventurienkwarts, kornalyn, albaster, perlemoen, bergkristal, binnegeverfde glas, jaspis en vermiljoenlak. Die kabinet bevat ook voorbeelde van Japanse netsuke-kerfwerk in ivoor, hout en amber**

**▷ 'n Meganiese singende voëltjie (Duitsland, laat 19de eeu) in 'n perfekte werkende toestand**



Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792




Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792

Sy versamelings wissel van uiters waardevolle en seldsame Romeinse en Griekse gebruiksvoorwerpe, glas, brons, erdewerk en porselein tot waardelose vuurhoutjiedosies. Maar vir dié merkwaardige man het elkeen 'n spesiale plekkie in sy hart.


Mense vra hom dikwels wat sy versameling werd is en ook wie dit alles moet afstof. In sy netjiese kalligrafie-handskrif en met tipiese Emms-humor antwoord hy gepas op 'n kaartjie teen die muur: 'Minder as wat jy dink' en "n stoffer is op versoek by die gasheer verkrygbaar'.

Waar kom so 'n versameldrang nou eintlik vandaan, wonder jy en vra hom. Hierop die depressiekind van sestig plus se eerlike antwoord: 'Ek veronderstel ek kompenseer vir 'n gebrek aan materiële dinge in my kinderjare.'

As kleuter het hy eenkeer 'n spaarbussie gesien van 'n beskonke matroos wat, wanneer jy 'n pennie op sy kop sit, vooroor val om die muntstuk te 'bank'. Dit het hom so beïndruk dat hy sowat 50 jaar later self spaarbussies begin versamel het, en vandag maak dit deel uit van Volkskas se museumversameling.

Nadat Mervyn aan Marist Brothers in Kaapstad gematrikuleer het, het hy hom in 1942 by die ingenieursafdeling van die Poskantoor aangesluit waar hy waardevolle tegniese en meganiese kennis opgedoen het. Twintig jaar later word hy lid van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Elektriese Ingenieurs – voorwaar 'n lang pad van sy beskeie beginjare toe hy snags motors in die agterplaas herstel en naweke in 'n orkes trom gespeel het om sy inkomste aan te vul. (Later jare het hy ook sy eie orkes gehad.)

In 1971 het die Poskantoor hom as kurator aangestel met die opdrag om 'n Pos-en-telekommunikasiemuseum op die been te bring. Die Poskantoormuseum in Pretoria is in 1980 geopen en huisves onder meer sowat 130 voorbeelde uit Mervyn se eertydse telefoonversameling, as-



**△ Mervyn Emms in sy biblioteek met sowat 3 000 boeke**



**▷ 'n Franse Pathé-grammofoon van omstreeks 1914 met 'n kom-in-die-deksel-weerkaatshoring. Dié model werk met 'n stilus pleks van 'n gewone grammofoonnaald en spesiale Pathé-plate wat van die middel af na die kant speel, met 'heuwels en dale'-groewe**



Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792



◁ **'n Deel van Mervyn se radioversameling. Die 'grafsteen'-radio in die middel regs is 'n Crossley 'Widget' uit 1930**

▽ **'n Deel van die versameling kurktrekkers waaronder verskeie vroeg 19de-eeuse voorbeelde. Daar is een met 'n borseltjie om die etiket van die bottel af te stof, een met 'n priem om die wasseël op die kurk af te kap, en ander met draadsnyers vir sjampanjekurke of hol skroewe sodat mens die inhoud kan tap sonder om die kurk te verwyder**




ook ander kommunikasie-instrumente.

Ná sy aftrede in 1985 het Mervyn, pleks van uitspan soos die meeste ander mense, in sy eie woorde 'met erns begin versamel'. Hy was nou vry om rond te ry op soek na antieke stukke en gou het rolprentmaatskappye agtergekom waar hulle daardie spesiale rekwisiete in die hande kan kry. Dit het intussen tot 'n lonende bedryf ontwikkel wat hom in staat gestel het om sy versameling tot meer as 20 000 voorwerpe uit te brei.

Die sowat 30 musiekdose in sy besit – van sakgrootte tot amper menshoogte – lê hom na aan die hart. Vir hom is musiek 'n universele vorm van kommunikasie. Maar oor sy waardevolle papiergewigte, sy antieke gevegswapens (hy is die stigter van die Suid-Afrikaanse Wapen-en-pantservereniging), sy boekery wat grotendeels uit Africana bestaan, of selfs die goedkoopste pen in sy versameling, gesels hy met ewe veel geesdrif en jy verstaan wat hy bedoel met 'die vreugde van nostalgie waaraan die versamelaar verslaaf raak'.




Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792



◁ **Mervyn Emms by een van sy nagenoeg 250 kameras in die fotografiese afdeling van sy private museum**

▽ **'n Gedeelte van die kroeg met 'n replika van 'n harnas, 'n antieke lampstander, 'n versameling piouter, 'n stel slawekettings, 'n Indo-Persiese skild en ander wapens**

Sy liefhebbery neem baie tyd in beslag. Afgesien van al die veilings wat hy bywoon, en die koop, verkoop en katalogisering van stukke, behartig hy boonop self die afstofwerk. Maar hy het nog baie ander ysters in die vuur.

Hy is lid van en aktief betrokke by verskeie geskiedkundige verenigings; hou gereeld uitstallings en praatjies; skryf artikels; ontvang groepe mense, dikwels van oorsee, by sy huis; doen waar moontlik self die nodige restourasiewerk; reis die land vol; en kry dan nog tyd om te lees – gewoonlik meer as een boek op 'n keer.

Mervyn Emms is 'n versamelaar by uitnemendheid. Hy is ook 'n mens met vele ander fasette wat ewe lekker oor 'n koppie Twinings-tee oor ditjies en datjies kan gesels as uit Shakespeare aan te haal. □




**Artikel:**
**Anna-Marie van Wyk**

**Foto's:**
**Nelia Botha**

**Uitleg:**
**Mariska Botha**



Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792




**MET 'N OOGOPSLAG**

*Ligging:* Die Republiek van Suid-Afrika is geleë aan die suidpunt van Afrika. Die noordelike grens is die Limpoporivier, sowat 22° suid van die ewenaar. Die afstand tussen die Lughawe Jan Smuts (Johannesburg) en New York is 7 011 lugmyl, Londen 6 174 en Frankfurt 6 398.

*Oppervlakte:* Die RSA se landoppervlakte is 1 127 200 km$^2$, omtrent een agste dié van die VSA.

*Klimaat:* Sonskyndae in die vernaamste stede wissel van 265 dae per jaar in Johannesburg tot 197 dae in Durban. Die gemiddelde jaarlikse reënval is 464 mm; 21 persent van die land kry minder as 200 mm per jaar.

*Bevolking:* Naastenby 29 miljoen.

*Amptelike tale:* Afrikaans en Engels.

*Hoofstede:* Pretoria is die administratiewe hoofstad, Kaapstad die wetgewende en Bloemfontein die regterlike hoofstad.

*Geldeenheid:* R2,62 is sowat een VSA-dollar.

INTEKENGELD vir SA lesers is R15 per jaar (AVB ingesluit) vir ses eksemplare. Enkeleksemplare is beskikbaar teen R2,50 (AVB ingesluit). Daar is 'n spesiale tarief van R6 per jaar (AVB ingesluit) vir opvoedkundige en maatskaplike instansies wat regstreeks by die Buro vir Inligting op tien of meer eksemplare per nommer inteken op voorwaarde dat die eksemplare in een pak na die betrokke instansie gaan wat dit dan self verder versprei.

INTEKENGELD kan gestuur word aan die Buro vir Inligting, Privaatsak X745, 0001 Pretoria. Telefoon (012) 325 3160

Persone in die buiteland wat belangstel om SUID-AFRIKAANSE PANORAMA te ontvang word versoek om hul aansoeke regstreeks aan die Departement van Buitelandse Sake, Privaatsak X152, 0001 Pretoria te rig (tel (012) 323-3316). Moet asseblief geen geld insluit nie.

*Kansellasie of adresverandering:* Die adresetiket moet saam met die nuwe adres of kennisgewing van kansellasie aan die Buro vir Inligting gestuur word. Dit kan ses tot agt weke duur voor 'n verandering in werking tree.

SUID-AFRIKAANSE PANORAMA word gedruk en in Suid-Afrika versprei deur ABC-drukkers (Edms) Bpk, Howestraat, Observatory, Kaapstad, namens die Staatsdrukker, Pretoria, vir die eienaar, die Buro vir Inligting. Dukuza-glanspapier word gebruik.

SUID-AFRIKAANSE PANORAMA word per seepos versend aan adresse in die buiteland. Weens die onreëlmatige vertrek van skepe kan intekenaars die tydskrif dalk soms laat ontvang.

Die tydskrif verskyn ook in Engels.

**Redaksie**

Mark Botha
John Deacon
Elfriede Kruger
Francette le Roux
Berna Maree
Lynette van Hoven
Anna-Marie van Wyk
Daleen Zaaiman

**Redaksionele assistent**

Betsie Steyn

Korrespondensie kan gerig word aan die Redakteur, SUID-AFRIKAANSE PANORAMA, Privaatsak X745, 0001 Pretoria.

Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792

# Versamelaar met styl



Glaspapiergewigte uit die Emms-versameling sluit voorbeelde in van sowel duisendblom- (milleflori) as enkelblomontwerpe –
Artikel op bladsy 84

9 770491 478008

Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792

9.12.1992 Jugendkonzert
10./11.12.1992 Abonnement

# Rundfunkkonzerte in der Alten Oper

92/93



## HUMPERDINCK
## Hänsel und Gretel

hr

Digitized by the University of Pretoria, Library Services, 2016. Contact (012) 420 3792